

# Die Afrikaanse Universiteit en Sy Taak in die Volkslewe

*DEUR*

PROF. DR. T. J. HUGO

No. XIV

# Die Afrikaanse Universiteit en Sy Taak in die Volkslewe

*DEUR*

PROF. DR. T. J. HUGO

*REDAKSIE*:
PROF. DR. J. DE W. KEYTER
PROF. DR. N. DIEDERICHS
PROF. DR. G. CRONJÉ
DR. P. MEYER

*DIE TWEEDE TREK-REEKS*

No. XIV

Drukkers en Uitgewers:
NASIONALE PERS BPK.,
Bloemfontein, Kaapstad en Port Elizabeth
1941

672/1910

NASIONALE PERS BEPERK,
Bus 267
Bloemfontein

## INHOUD.

| | | Bl. |
|---|---|---|
| I. | Die Europese Universiteit ... ... ... ... ... | 5 |
| II. | Die Universiteit in Suid-Afrika ... ... | 24 |
| III. | Die Universiteit en die Samelewing | 36 |
| IV. | Hoërskoolonderwys as voorbereidende onderwys vir die Universiteit ... | 66 |
| V. | Die spesiale taak van die Afrikaanse Universiteit ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 107 |

# I.

# DIE EUROPESE UNIVERSITEIT.

In hierdie tyd waarin ons besig is om op elke gebied van die volkslewe ondersoek in te stel na die „hoe" en die „waarom" van die leerstellings wat deur die volk gehuldig word, is dit van groot belang om ook ons Universiteite van naderby te beskou, ten einde te bepaal of hulle 'n doelstelling het, en so ja, of hierdie doelstelling binne die terrein van die Afrikaanse wêreldbeskouing kan tuis gebring word.

Universitêre opleiding word deur die hele wêreld beskou as die voltooiing van die intellektuele ontwikkeling van die jeug, as die sluitstuk van die wetenskaplike vorming van die soekende en vorsende gees van die jonger geslag, uit wie môre en oormôre die leiers en regeerders van 'n volk gekies word. As dit waar is dat in die kind van vandag die volk van môre opgesluit is, dan is dit dubbel waar dat op die banke van die universiteite van vandag, die staat van die onmiddellike toekoms

gevorm word. Die massa beweeg langsaam, en al verteenwoordig die massa onteenseglik die volksgevoel, dan bly dit tog waar dat hierdie gevoel vertolk moet word deur die woord en daad. Hierdie woord kan alleen gespreek word, hierdie daad verrig word, deur diegene wat geleer het om naas sy hart ook sy hoof te plaas in diens van sy volk. Redelike insig en diepe oortuiging is nodig naas en behalwe hartstogtelike liefde. Die Franse revolusie van 1789 word gedra deur die vertrapte en geminagte volksgevoel, maar die voorloper en wegbereider vir hierdie gevoel is 'n geleerde van sy tyd: Jean Jacques Rousseau, wat deur sy onsterflike „Maatskaplike Verdrag" die wekroep onder sy volk laat hoor het.

Die woord is die aanskoulike gedaante van die gedagte, die rede gee vorm aan die begeerte en open op die manier die weg vir die daad. Daarom is dit ook dat 'n volk in sy bloeityd sy universiteite met hoogagting bejeën, dat hy gewillig is om veel op te offer om sy hoër onderwys in stand te hou en so doeltreffend te maak as wat dit vir hom onder omstandighede moontlik is. Daarenteë is dit 'n teken van verval as hy sy universiteite verwaarloos en toelaat dat sy hoër onderwys

afhang van die willekeur van privaat inisiatief, en dat dit die speelbal word van toevallige politieke magte.

Die Rede is 'n trotse koningin wat alleen gedien kan word deur hom, wat met reine hande en suiwere bedoeling homself onvoorwaardelik onder haar leiding wil plaas. Laat ons dus nie vergeet dat naas die skoling van hart en hand moet daar ook wees skoling van die hoof.

Om alle misverstand te voorkom wil ons direk toegee dat daar 'n groot onderskeid is tussen geleerdheid en wysheid, en as veronderstel word dat die Universiteit in die eerste plek staan vir geleerdheid, dan wil ons dadelik die korreksie aanbring deur te betoog dat die Universiteit juis daarom sy hoogste roeping gemis het. Veelwetery en gebrek aan insig gaan hand in hand met mekaar. Ons bedoeling is juis om duidelik te maak dat die leiding wat van 'n Universiteit behoort uit te gaan, vormend werk op die hele volkslewe, bevrugtend is vir sy geestelike welsyn en inspirerend werk op die wil tot die daad.

Die Afrikaanse Universiteit het op die manier 'n eie taak en roeping wat deur geen ander liggaam vervul kan word nie. Let ons nou op die oorsprong van die Universiteit soos ons dit

ken in ons Westerse beskawing dan vind ons twee aspekte wat veral ons aandag verdien. Die eerste is dat die Universiteit in sy geestelike betekenis so oud is as die menslike denke self. Toe die eerste denker begin vra het na die hoe en waarom van die verskynsele, het hy reeds die voorwaarde en reg van bestaan van elke Universiteit daar gestel. Dit is natuurlik waar dat in daardie tydperk van saamleef, saamdink en saamwerk van meester en leerlinge, daar nog geen sprake is van 'n bepaalde gebou waarin gedoseer word nie, of van laboratoria waar proewe uitgevoer word om die geheime van die natuurgebeure te ontsluier nie.

As ons egter die lewe van Sokrates nagaan, dan vind ons dat hierdie eminente gees, in die volste sin van die woord, die beste tipe van leerkrag aan enigeen van die moderne universiteite van die Westerse wêreld sou kon verteenwoordig het. So was Alexandrië enige eeue reeds vóór ons jaartelling 'n bekende setel van geleerdheid. Met sy biblioteek van ruim 700,000 beskrewe rolle, was hierdie stad die brandpunt van gistende en botsende geestestrominge. Maar nie alleen was Alexandrië die versamelplaas van die skranderste en geleerd-

ste geeste van die tyd nie, dit het ook 'n onderdak aangebied, gedeeltelik of geheel op staatskoste, aan die doserende kragte wat hulle ondersoek op die manier ongestoord kon voortsit. Die begrip universiteit in verband met 'n bepaalde gebou en met die spesiale taak om eksamens af te neem en grade toe te ken, is dus baie jonger as die meer oorspronklike betekenis van universele kennis opdoen en versprei.

Om die Universiteit se roeping en spesiale taak goed te begryp, is dit beslis nodig dat die gedagte onder ons sal posvat dat in alle eeue waarin daar groot kulturele bloei gekonstateer kan word, is daar ook te vind die universitêre gees en atmosfeer waaronder gedink en gehandel word, al is daar nog geen sprake van die stigting van een of ander spesifieke hoëskool nie. As ons hieroor eens is, kan ons aangaan tot die beskouing van die tweede aspek waarvan hierbo sprake is, namelik die tydperk van die eerste Europese Universiteite waaruit die moderne universiteit, soos ons hom ken oor die wêreld, ontstaan het.

Hierdie tydperk kan min of meer gekarakteriseer word deur daarvan te praat as die skolastieke tydperk van die middeleeue. „Dit

is nie moontlik om die korrekte datum aan te gee vir die ontstaan van die eerste gespesialiseerde skole of universiteite nie, om die eenvoudige rede dat hulle nie gestig is nie maar organies gegroei het uit die volkslewe self".[1])

Volgens die beste geskiedkundige outoriteite blyk dan dat in Salerno en Bologna respektiewelik, die eerste hoër of gespesialiseerde onderwys in medisyne en regte gegee is. Die naaste datum wat hier genoem kan word is die elfde eeu van ons jaartelling.

Ook moet ons oppas vir 'n ander verkeerde opvatting, as sou die Kerk van die tyd die Universiteit in die lewe geroep het om daardeur sy grondstellings hegter gefundeerd te kry. Prof. Laurie is hieroor baie beslis en sy opvatting word gestaaf deur die beste historisi tot ons beskikking.

„Die kerk het Universiteite net so min gefundeer as wat dit die ridderskap ingestel het. Hulle is gestig deur 'n sameloop van omstandighede, wat 'n groep bekwame manne tesaam gebring het, wat iets gehad het om te doseer en van jongmense wat begerig was om te leer.

---

[1]) *Rise and Constitution of Universities*: *S. S. Laurie, LL.D. p.* 106.

Tog was in die tyd die toestemming en beskerming van die kerk en staat nodig vir die bevordering van hierdie jonge seminariums. Maar in hulle aanvangstadium was hulle ongetwyfeld vrye, opsetlik daargestelde, selfonderhoudende sentrums van geleerdheid, onafhanklik van kerklike beheer en van staatsvoorskrifte. Vry onderwys en vry studie was in hulle diepste wese. Uit 'n vrye gees is hulle ontstaan, en nie uit die brein van een of ander kerklike grootheid nie, wat daardeur 'n bepaalde doelstelling sou beoog het: namelik die roem van die Kerk.

Maar terwyl dit waar is, is dit nie waar dat die kerk onverskillig was ten opsigte van hulle bestaan nie, of dat daar geen kerklike toesig sou gewees het nie." [2]) Inteendeel het die Kerk hoër intellektuele ontwikkeling beskou as 'n magtige faktor om te kan styg bo die kleine rasseverskille en so die volke van die wêreld te bereik.

As ons vra wat die onmiddellike oorsake was vir die ontstaan van sodanige geleerde instellings, dan is die antwoord: die nood van die

---

[2]) *Rise and constitution of Universities — Laurie. bl.* 108.

mensheid. In Salerno was dit die siek liggaam van die mens en sy verpleging wat die eerste die aandag getrek het, en gelei het tot dieper en meer gespesialiseerde studie; in Parys was die aandag bepaal by die teologiese vraagstukke en in die algemeen die geestelike waardes van die mens; terwyl Bologna die eerste opsetlike studie van die regsverhoudinge van die mens teenoor sy medemens in die lewe roep.

Sonder aarseling kan ons dus hier praat van die *organiese* ontstaan en groei van die Europese universiteit, om te beantwoord aan die spesiale behoeftes wat in die samelewing van daardie tyd hulle verskyning maak. Ook wil ons duidelik wees daaroor dat die universitêre onderrig niks anders was nie as 'n voortsetting van die reeds bestaande intellektuele skoling van die meer bevoorregte klasse. Dit is natuurlik waar dat die Universiteite hulle toegelê het op vakke wat in eerste instansie nie op die gewone kloosterskool gedoseer is nie, maar die Universiteit het nie vreemd gestaan teenoor hierdie elementêre onderwys nie en het die skool nodig gehad as voorbereiding vir sy meer abstrakte en gespesialiseerde onderrig en ondersoek.

Sodat die toestand in wese nie sodanig ver-

skil het van die van ons eie tyd nie ten opsigte van die vooropleiding.

Vra ons egter watter soort student het hierdie oudste universiteite besoek en wat was hulle doelstelling met volg van 'n akademiese opleiding, dan is die onderskeid wel groot. Van diplomas en grade toeken is vanselfsprekend nog geen sprake in die beginstadium van die Universiteitsbestaan nie. Beroepe was nog nie deur wetgewing omskryf en gereël soos vandag nie. Die uitoefening van 'n beroep was 'n persoonlike saak, onderworpe natuurlik aan die erkenning van en die eise deur die gilde gestel. Dit is dus duidelik dat student sowel as dosent veel meer belangeloos gestaan het teenoor die geleerde vakke van die tyd. Dit was 'n tyd van soek na kennis terwille van die kennis self, en nie omdat dit 'n middel is om geld te verdien nie. Natuurlik was daar nog altyd die onpersoonlike voordeel van eerbied en aansien wat die geleerde en wyse manne in die vorm van geëerde lid van die samelewing geniet het.

Lank het dit egter nie geneem nie of die kerk het 'n premie gestel op die talentvolste van die studente wat in die Godgeleerdheid tuis is; die beoefening van die beroep van sjirurgyn en medisynmeester word langsamer-

hand 'n gesogte en gevraagde van die sy van die gemeenskap. Op die manier word daar eise gestel aan die kant van die gemeenskap en aan hierdie eise word in meer of minder mate voorsien deur die universiteite. Die vroeë renaissance gee ons 'n beeld te sien wat enigsins vergelyk kan word met die tyd van die Sofiste 400 v. Kr.

Van kultuurstandpunt beskou was die een tydperk so gaoties as die ander, en dit is juis in sulke onsekere tye dat die mens meer dan ooit sy toevlug neem tot die rede. Die geestelike nood in die Griekse tyd het 'n Sokrates na vore laat kom; die Renaissance bring tal van eminente geeste op die toneel en maak dit moontlik vir die groepering van hierdie manne en hulle volgelinge in bepaalde plekke, sodat op die manier die universiteit 'n gevestigde instelling word, wat sindsdien nie weer uit die lewe van die Westerse kultuurvolke verdwyn het nie.

Die woord universitas met die suggestie van universeel, het aanleiding gegee tot die opvatting dat universiteit kragtens sy woordbetekenis die idee van universaliteit van wetenskap en kennis in sig sluit.

Dit is egter nie die geval nie. Oorspronklik vind ons dat die woord universiteit herhaalde kere gebruik word vir 'n *gemeenskap*, waarby daar geen sprake is van geleerdheid of hoër ontwikkeling nie. Dit is dan ook duidelik dat ons hier te doen het met die woord in sy oordragtelike betekenis. Wat vroeër was universitas magistrorum et cholarium, d.i. 'n vereniging van meesters en leerlinge, word later oorgedra op die instituut, en omdat die universiteit in die verlede altans, nog altyd voorgegee het om in eerste instansie oor grondbeginsels en prinsipes te handel, het die verklaring van selfsprekend gekom dat die universiteit die naam dra omdat sy funksie universeel is.

Wat egter treffend is, is dat reeds van sy geboorte af aan die universiteit die betekenis in hom dra van 'n koördinering van kragte: die besinnende, formulerende, logiese en meer statiese van die dosent aan die een kant, en die dinamiese, wordende, maar nog onrype van die dissipel aan die ander kant.

Dit is in hierdie sin van koördinering van kragte in die soek na waarheid, wat ons die diepste betekenis van universiteit moet sien. Dat die Universiteit doserend en eksaminerend is, dat hy voorberei vir die beoefening van een

of ander beroep is bykomstig, en mag nooit sy oorspronklike roeping en doel oorskadu nie.

Met die ontwaking van intellektuele belangstelling in die begin van die dertiende eeu, was daar 'n soort stormloop van studente na die paar inrigtings in Europa wat die naam universiteit wêrd was. So lees ons dat Bologna in hierdie tyd 10,000 studente tel terwyl dit 'n vyftig jaar later hierdie getal verdubbel het. Nie net in Italië is hierdie toeloop van studente so groot nie maar in Parys en Oxford word dieselfde verskynsel opgemerk. Dit behoort ons nie te verbaas nie, as ons in aanmerking neem dat die universiteit in sy kinderskoene, nog nie so 'n skerp onderskeid gemaak het tussen hoërskoolleerling en universiteitstudent, soos ons dit vandag doen nie. Sonder oordrywing kan dus gesê word, dat seker 80 tot 90 persent van die tien- of twintigduisend studente van Bologna vandag op die hoërskoolbanke hulle plek sou gevind het eerder as in ons universiteitsleeskamers. Tog bly dit 'n merkwaardige verskynsel, as ons in aanmerking neem dat die gees van die middeleeue veel meer gerig was op religie en geloof; op die mistieke van die openbaring van God aan die mens en op die voorbereiding van die menslike siel vir 'n hier-

namaals, as op die vermeerdering van kennis en die ontwikkeling van eie oordeel. Hier was dus 'n intellektuele ontwaking van so 'n omvang dat selfs die maatskaplike orde in gevaar gekom het. Die stede was nie ingerig om 'n tydelike toevloed van mense by tienduisende te huisves nie, laat staan hulle van al die nodige te voorsien. So ontstaan daar wat bekend is in die geskiedenis as vorming van „nasies" binne die studerende groepe aan Universiteite. Hulle het bestaan uit vrye, selfregerende gemeenskappe binne die universitas. Die studente wat tot die stad self behoort het, het egter nie tot die nasies behoort nie. Die bedoeling van sulke nasiegroepe was om gemeenskaplike hulp te verleen en sekere regte en voorregte te verkry. Ook was dit nodig ter verdediging teen die burgerbevolking van die stad wat soms tot gevaarlike vyandelike dade oorgegaan het. Die verskillende „nasies" het hulleself verenig tot twee groot groepe, wat bekend gestaan het onder die benaming van universitas citramontanorum en universitas ultramontanorum. Die eerste het uit sewentien, die tweede uit agtien „nasies" bestaan. Elkeen van hierdie twee het sy eie rektor en ander universiteitsgesagsdraers gekies. In die begin van die sestiende eeu vind

ons vir die eerste keer een rektor in plaas van twee. [3]) Hier vind 'n mens dus die oorsprong van die verskillende studente „corps" soos hulle vandag op die vasteland van Europa aangetref word.

Om die verder ontwikkeling van universitêre onderwys te begryp, is dit goed om in aanmerking te neem dat die tal van universiteite wat veral in die vroeë renaissance ontstaan het, hulle voorbeeld gekies het van een van die genoemde vroegste universiteite. Salerno, wat hom hoofsaaklik tot die mediese wetenskap van sy tyd bepaal het, skyn nie baie navolgers te gehad het nie. Terwyl Bologna voorloper was van 'n aantal Italiaanse, Spaanse en Franse universiteite, skyn dit lang nie die invloed van die Paryse Universiteit te gehad het nie. Dit is goed te begryp as ons let op die feit dat, hoewel Bologna die eerste Hoëskool vir die Romeinse reg was, en as sodanig ook hoë roem verwerf het in sy tyd, maar aangesien buite Italië nog baie ander regsbeginsels en regspraktyke gegeld het, en ook omdat die behoefte van die tyd nie net bestaan het in gebrek aan regsinnigheid en regsreëls nie, maar

---

[3]) *S. S. Laurie t.a.p. bl.* 133.

te vind was oor die hele terrein van wat vandag genoem word geesteswetenskappe, dit nie Bologna was wat die moeder van die gros van die Europese universiteite was nie maar wel Parys. In Parys het die katedraalskool die kern van die Universiteit geword. Omstreeks 1200 vind 'n mens te Parys 'n universitas magistrorum et scholarium, wat niks anders beteken as 'n gemeenskap van meesters en leerlinge nie. Die begrip magister is hier nie 'n aanduiding van professor, maar word alleen gebruik vir diegene wat na voltooiing van die artes liberales, vir verder studie of vir doseerwerk, aan die skole van Parys verbonde gebly het. Teologie en kanonieke reg was in Parys die vernaamste vakke van die Universiteit, hoewel die lys al gou uitgebrei is om die studie van die humaniora in te sluit en daarby die natuur- en wiskundige wetenskappe.

„Ten opsigte van die stof van universitêre onderwys het die kultuur hom tot lank na die middeleeue uitermate konserwatief gedra. Van die late oudheid het die mense die stelsel van vakke geërf, wat onder die naam van artes liberales of vrye kunste, die opleiding van die beskaafde Romein uitgemaak het. Die vrye kunste was sewe in getal, verdeel oor 'n voor-

bereidende drietal, die trivium, en 'n viertal wat daarby aansluit, die quadrivium. Die eerste het bestaan uit grammatica, rhetorica en dialectica, d.w.s. taalkunde, spreekkuns, en redeneerkuns. Onder hierdie rubrieke is die hele sisteem van die sogenaamde geesteswetenskappe opgebou: die letterkundige en historiese vàkke uit grammatika, die wysbegeerte uit dialectica, terwyl rhetorica die uitgangspunt gelewer het vir die akademiese regstudie met name die van die Romeinse reg.

Die quadrivium omvat arithmetica, geometrica, astronomia en musica. Die eerste drie hiervan het die praktiese wetenskap uitgemaak van die oudromeinse landheer. Onder musica was nie bedoel kennis en beoefening van musiek nie, maar alleen die teorie van musiek.

Die quadrivium het die grondslag gelewer vir die wiskundige en sterrekundige wetenskappe." [4])

As ons 'n vergelyking maak van die manier van studeer, die leefwyse op die universiteit, grade toeken, selfs die akademiese drag wat studente moet aanhê as hulle klasse bywoon—

---

[4]) *Vry gesiteer na Encyclopaedie van Winkler Prins: „Universiteit".*

dan skyn dit asof die Engelse Universiteite die karakter van die middeleeue die suiwerste behou het. Hieronder is Oxford natuurlik die eerste op die lys.

Dit is ook interessant om te weet wat die oorsprong is van onse B.A.-, M.A.- en doktorsgrade van vandag. Die Paryse instituut het reeds in 1215 voorgeskryf, dat elke student 'n meester moes hê wat vir hom verantwoordelik was en wat sy foute kon korrigeer. Om nou as leier te kan optree was die graad van Bacalarius later Baccalaureus, wat dieselfde is as Eng. Bachelor, genoeg. Die woordbetekenis was in die begin niks anders as jonkman of helper. Maar omdat die persoon intellektuele leiding moes gee, het die term 'n bepaalde inhoud gekry wat veronderstel dat 'n seker hoogte van ontwikkeling deur so 'n persoon bereik was. Van die vroulike geslag was niemand toegelaat tot die Universiteit nie, sodat „Bachelor" volkome toepaslik was.

Die titels magister, doctor en professor was in die middeleeue gelykluidend. Dit is eers deur die gebruik onder bepaalde omstandig-

hede, dat hierdie woorde die spesiale betekenis gekry het waaronder ons hulle vandag ken.[5])

In later tyd is die meeste ander Europese Universiteite opsetlik gestig as gif van 'n vors, of as beloning vir die dienste van 'n stad of provinsie. Hierdie Universiteite het dan gewoonlik een van die ouer reeds bestaande universiteite tot model geneem. Die Duitse lande het hulle oudste universiteit gekry in Praag, 1348, deur Keiser Karel IV, die Nederlande die een van Leuven in 1425. [6])

In die 16e en 17e eeu het die aantal van universiteite vinnig toegeneem, om te kan voorsien in die behoefte van die opkomende natuurwetenskappe en die klassieke. Die aanwas in getal, sowel as in omvang, van Europese Universiteite, het gestadig voortgegaan gedurende die laaste vier of vyf eeue, nieteenstaande die groter of kleiner staatkundige gebeurtenisse in die verskillende lande. As 'n mens in aanmerking neem wat daar alles gebeur het—oorloë, rewolusies, hervorminge, state geskep en state vernietig—dan bly dit as een

---

[5]) *Winkler Prins: Encyclopaedie: Universiteit.*

[6]) *t.a.p. Winkler Prins: Universiteit.*

van die wondere van die geskiedenis, dat die Universiteite betreklik ongestoord hulle werksaamhede kon voortsit en so die band met die verlede bewaar het. Hierdie verskynsel is seker vir 'n groot deel te verklaar uit die feit, dat die Universiteite nog altyd kans gesien het om hulleself buite die brandpunt van politieke stryd te hou. Van hulle kan met waarheid gesê word: State mag kom en State mag gaan, maar ons hou vas en bly voortbestaan. So het die Universiteit tot 'n sekere mate die stabiliserende faktor verskaf in die steeds wisselende, gistende en strydende kultuurwêreld. Maar andersyds het die Universiteit kragtens sy aard en doelstelling, ook getoon dat hy deur begrip van die nuwe situasie en waardering van wat waardevol was in die nuwe leer, homself kon aanpas in die veranderende wêreld. Hierdeur kom dit dat die beeldestormers van alle eeue, state en kerke vernietig, terwyl die Universiteit gespaar bly. Dit spreek vanself dat ons hier nie praat van geboue in die eerste plek nie.

Die tempel van die wysheid is tot dusver gelukkig nog nooit in diens getree van die oorlogsgod nie, maar kon nog altyd aanspraak maak op beskerming van vriend en vyand, omdat dit ten diens staan van alle mense te alle tye.

## II.

## DIE UNIVERSITEIT IN SUID-AFRIKA.

Oor die ontstaan en groei van universitêre onderwys in Suid-Afrika kan ons baie kort wees, omdat hier nie iets nuuts of iets anders as die Europese Universiteit tot stand gekom het nie, maar eenvoudig 'n voortsetting is van wat reeds in Engeland 'n eeueoue tradisie gehad het. Wat sy groei betref, is alles nog van so 'n resente datum dat geen uitvoerige geskiedskrywing daarvan nodig is nie.

Van universitêre onderwys in S.A. kan daar eers sprake wees in die laaste kwart van die 19e eeu. Want al is dit waar dat die „South African College" in die Kaap reeds vanaf 1829 bestaan het, kan ons dit beswaarlik as iets anders beskou as 'n gewone hoërskool tot 1873. In hierdie jaar word die Universiteitswet aangeneem, op grond waarvan die kollege wat vroeër 'n private inrigting was, dit van 1878 geheel en al tot 'n openbare instelling maak, gewy aan universitêre onderwys. Tog is dit 'n feit dat die kollege eers in 1900 opgehou het

om vir die matrikulasie-eksamen voor te berei. Hier is dus 'n geleidelike oorgang gewees van hoërskool tot kollegeaktiwiteite. Uit hierdie S.A.-kollege het later die Universiteit van Kaapstad ontstaan, deur 'n wet van die parlement, waarby aan die Universiteit van Kaapstad, vanaf 2 April 1918, regspersoonlikheid verleen is.

Reeds vanaf 1873 bestaan daar die sogenaamde Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, maar dit was maar net 'n eksaminerende en koordinerende liggaam wat op die manier die aktiwiteite van die verskillende kolleges soos hulle ontstaan het in Oranje Vrystaat, Transvaal, Natal en Kaapland kon kontroleer. Die wettige opvolger van hierdie Universiteit van Kaap die Goeie Hoop, vind ons vandag voortleef in die vorm van die Universiteit van Suid-Afrika. Ook die Universiteit van Suid-Afrika bestaan alleen kragtens die konstituerende kolleges waaruit dit saamgestel is. Hieronder tel ons op die oomblik nog die Hugenotekollege te Wellington, Rhodes Universiteitskollege te Grahamstad, die U.K.O.V.S. te Bloemfontein, P.U.K. te Potchefstroom en die N.U.K. te Pietermaritzburg. Elkeen van hierdie genoemde kolleges het regspersoonlikheid en geniet 'n groot mate van selfstandigheid in verband met eie aktiwi-

teite, maar wat leerplanne en eksamens betref, staan dit onder beheer van die saamgestelde Senaat, nl. die Senaat van die Universiteit van S.A.

Sinds 1916 is daar heelwat gedoen in die rigting van die daarstelling, van onafhanklik van mekaar bestaande, Universiteite in die Unie van S.A.

Kaapstad en Stellenbosch het tegelyk uitgetree uit die oue verband en oorgegaan tot die stigting van die Universiteit van Kaapstad en Stellenbosch respektiewelik, met vryheid vir die opstel van leerplanne, aanstel van leerkragte en die uitreiking van grade en diplomas onder naam en met die gesag van die inrigting self.

Op hierdie weg is hulle gevolg eers deur die Witwatersrandse Universiteit en toe deur die Universiteit van Pretoria.

Ons het dus vyf universitêre inrigtings, waarvan vier as selfstandige universiteite bestaan en die vyfde 'n samestelling is van die reeds genoemde Universiteitskolleges.

Dit is van belang om iets te begryp van die aard en samestelling van hierdie verskillende universiteite, om te kan oordeel oor die waarde van hulle bestaan en voortbestaan vir die be-

treklik kleine blanke bevolking van ons land. Toe oorgegaan is tot die stigting van die Universiteit van Kaapstad, was daar eers sprake van 'n moontlike inlywing van die „Victoria Universiteitskollege" te Stellenbosch met die bedoeling dat die fakulteit van lettere sy swaartepunt op Stellenbosch sou hê, terwyl die fakulteite van wis- en natuurkunde, ingenieurswese en medisyne hulle tuiste in Kaapstad sou hê. Stellenbosch het hom sterk verset teen so 'n plan, en hoofsaaklik op grond van verskil in voertaal, maar ook op grond van innerlike doelstelling van die twee inrigtings. Terwyl die Kaapse Universiteit sy oog sal rig op die stedeling en veral aandag sal gee aan tegniese skoling in die natuurwetenskappe, het Stellenbosch die tuiste geword van die Afrikaanssprekende student, en dus veel meer die behoefte van die platteland op die oog gehad.

In die tyd van afstigting was dit moeilik vir die Afrikaner om oortuigende argumente te lewer vir hierdie tweestroom-beleid, te meer omdat nergens nog enige praktiese proef bestaan het van die een of ander rigting nie. Vandag kan ons op grond van heelwat meer ervaring verklaar, dat hierdie stap in werklikheid die begin was van die emansipasie van

die Afrikaner op universitêre gebied. Die manne en vroue wat gestaan het vir die volkome gelykstelling van die Afrikaner en sy taal binne die Universiteite van Suid-Afrika, verdien ons dank net so goed as dié wat dit gedoen het op staatkundige gebied.

Toe in 1921 en 1930 respektiewelik die Universiteit van Witwatersrand en die Universiteit van Pretoria hulle onafhanklike status verwerf het, was daar geen twyfel aan die rigting wat elkeen van hulle sou inslaan nie. Die feit alleen al dat binne die mure van die ou T.U.K. 'n Teologiese Fakulteit van die Ned. Hervormde Kerk gevestig was, wat opleiding gegee het aan toekomstige predikante van sy kerk, was genoeg bewys watter deel van die samelewing hoofsaaklik sy weg gevind het en in die toekoms sal vind, na hierdie inrigting vir universitêre onderwys. Hierdie fakulteit is later versterk deur 'n selfstandige toevoeging van die kant van die Neder. Ger. of Hervormde Kerk, deur die stigting van wat bekend staan as Afdeling B van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria.

Om die gees van die Afrikaanse inrigtings teenoor dié van die meer Eng. georiënteerde instellings vir hoër onderwys, te begryp, is dit

nodig om 'n blik op ons geskiedenis te slaan en daarvan veral op dié deel wat met ons onderwys te doen het. Dit is baie belangrik om te onthou dat nòg ons laeronderwys, nòg ons hoëronderwys organies uit die volksbodem met sy behoeftes ontstaan het. Inteendeel, sinds 1806 het ons in Suid-Afrika die geskiedenis beleef van die veroweraar en die verowerde volk, waardeur die natuurlike wording en groei van ons onderwys radikaal verstoor is. Na die Groot Trek is weer 'n moontlikheid geskep deur die stigting van die twee republieke, dat die Afrikaner 'n onderwysstelsel sou verkry wat aangepas is aan die aard van die volk en ingerig is kragtens die behoefte van sy land, wat vir hom bestaan het, nie in „this Country" nie, maar wat inderdaad sy vaderland was. Maar die tydperk van die bestaan van die republieke was te kort en te onrustig, om veel meer as 'n begin te maak met, en 'n vingerwysing te gee na, wat ons hoër onderwys behoort te wees, en waarna die toekomstige Afrikaanse Universiteit behoort te streef.

Gedurende die tydperk 1840-1899 was die twee republieke in 'n gedurige stryd om bestaan betrokke, tot so 'n mate dat aan die stigting van inrigtings vir universitêre onderwys nou-

liks kon gedink word. Tog het ons alle rede om te glo dat die vèrsiende ou Staatspresident, Paul Kruger, toe reeds die bedoeling gehad het dat die Gymnasium moes uitgroei van 'n middelbare skool tot die Universiteit van die republiek. Deur die veroweringsoorlog van 1899-1902 is hiervan niks gekom nie, en was die organiese groei van onderwys in O.V.S. en Transvaal ook vir goed gebreek. Met die instelling van selfbestuur eers in Transvaal en kort daarna in O.V.S., maar veral na die tot-standkoming van die Unie van S.A., het by die Afrikaner weer die hoop begin opleef dat hy op onderwysgebied sy geskonde regte mog herstel kry. Hierdie hoop was toe nog nie duidelik geformuleer nie, en was nog nie uitgespreek deur die leidende geeste op onderwysgebied nie, maar was onteenseglik aanwesig in die hart van die volk. Die eerste vertolking van hierdie gevoel is gegee deur die onderwyswet van Genl. Hertzog in die Vrystaat. Die wet was net pas in werking getree toe die Unie tot stand gekom het en die provinsiale rade verantwoordelik geword het vir die onderwysbeleid van elke provinsie, behalwe in die geval van tegniese en universitêre onderwys wat nog altyd onder die Unie-wetgewing sou ressorteer. Die Hertzog-

wet het pertinent die aandag gevestig op die belangrikheid van moedertaal as voertaal by die onderwys. Weliswaar was hierdie moedertaal nog altyd Hollands en nie Afrikaans nie, tog was dit 'n geweldige stap in die rigting van die herstel van die regte van die Afrikaner-kind. Want ook in die gevalle waar die ouer te onkundig was om homself rekenskap te gee van die eerste en belangrikste grondslag van gesonde onderwys, het die staat nou gekom om die regte van die kind te verdedig, ook selfs teen die wanbegrippe op onderwysgebied van die ouer in. Amptenare het deur onkunde, onmag, en miskien ook deur onwil, probeer om hierdie wet te verongeluk in die praktyk. Dit het gelei tot die berugte regsaak teen Genl. Hertzog wat voor die hof gedaag is deur twee afgedankte inspekteurs. Hierdie gebeurtenisse het 'n diep indruk gemaak op die gemoed van die jeug wat op daardie tyd op die banke van die Universiteitskolleges gesit het.

'n Tweede faktor wat meegewerk het om die studerende jeug nasionaal bewus te maak, was die daarstelling van Artikel 137 in die grondwet van die Unie. Weer was dit die stem van die Vrystaatse lede wat gehoor is in verband met die eis van volkome gelyke

regte vir die twee tale in S.A. Liewers geen eenheid van staat, so het hulle geredeneer, as dit moet verkry word ten koste van die geboortereg van die Afrikaner.

Wanneer die politieke geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika een dag opgediep word en te boek gestel word, sal dit nog blyk hoeveel die al of nie uitvoer van die letter en gees van Art. 137, die val van die een na die ander regering veroorsaak het.

Voeg 'n mens nou nog hierby die invloed van die georganiseerde taalbeweging van hierdie tyd, dan is dit duidelik dat die Afrikaanse jeug van Kaapland tot in Transvaal langsamerhand hulle kragte begin saamsnoer het. In hierdie atmosfeer was daar vir 'n inrigting soos dié van Stellenbosch maar een weg oop, as hy die toeloop van Afrikaanse studente wil bly behou in die nuwe Universiteit van Stellenbosch,—en dit is dat hy nie met die Universiteit van Kaapstad moes saamsmelt nie.

Dit sou 'n groot fout wees as iemand ter verklaring van die anti-houding sou wil aanvoer: die opgesweepte gemoedere deur die groot oorlog, wat nog sy nasleep in S.A. in die vorm van gedode, gestrafte, geruïneerde en verarmde rebelle, ten volle uitgevier het.

Nie die wêreldoorlog was die oorsaak van die groot verskil in uitkyk tussen die Afrikaner en die Engelse imperialis en kosmopoliet nie, maar die wêreldoorlog het maar net *die geleentheid verskaf vir die duidelik aan die dag stel van hierdie verskil*. Dit is 'n verskil van wêreldbeskouing en lewensopvatting tussen die ouer, wettige en onvervreembare kinders van Suid-Afrika en die vreemde, nie-aangepaste Sons-of-England. Want toe die naweë van die oorlog, wat soveel verbittering ook in ons land veroorsaak het, langsamerhand begin verdwyn, het daar nog altyd oorgebly die bewuste strewe van die Afrikaanse dosent en student, om sy Afrikanersiel ten volle uit te leef op 'n universiteit wat in alle opsigte vir sy regte en belange daar gestel is. Vir volle twintig jaar is hierdie stryd aan die gang, en as ons vandag inventaris opmaak van die stand van sake, dan is dit met 'n gevoel van trots en dankbaarheid dat ons kan terugkyk op die afgelegde weg.

Want waar die kultuurstryd van die Afrikaner tot dusver vaag aangevoel, en onduidelik geformuleer was, sou dit van nou af aan die gedagte en taal, die gevoel en rede, van die skranderste en mees ontwikkelde onder ons tot sy beskikking hê.

Die ontwikkelende jeug sou nou eers vanaf die laerskool tot dwarsdeur die Universiteit sy kennis kan opdoen deur middel van sy eie taal, en aan die hand van leerkragte wat voel soos hy voel en stry vir dieselfde beginsels waarvoor hy stry.

Gee my die jeug en jy gee my die volk, is 'n waarheid wat hier ook weer ten volle getoets kan word. Want nou dat daar nie meer kunsmatige hindernisse in die weg van die vorsende en worstelende gees van die jong geslag gelê word nie, nou word die Afrikaanse probleme meteens vir ons so duidelik, en in meeste gevalle lyk hulle nie eens meer op probleme nie, want hulle oplossing lê voor die hand. Die volksaak kan nou vir die eerste maal as 'n geheel gesien word. Nie net is dit 'n saak van taal en taalregte nie, nie net 'n saak van staatsvorme nie, nie net van kultuur- of ekonomiese wantoestande nie—maar dit is dit alles te saam en nog veel meer, *dit is 'n volk wat tot volle ontwaking gekom het.*

Hierdie volk vra na leiding op elke gebied van die samelewing. Hy soek na 'n leier wat in staatkundige sake leisels in eie hande durf te neem en die volk op bane lei wat hom kan bring tot volkome realisasie van sy hoogste

ideale; hy soek na leiers op geestelike gebied, wat soos profete en martelaars die voorbeeld sal gee van selfopoffering en getrouheid, van eerlikheid en waarheid; hy soek ook na leiding op stoflike gebied, sodat die kinders van Suid-Afrika in besit sal kom van wat hulle regmatig toekom,—hierdie leiers moet gevind word onder die geskoolde kragte, wat die voorreg gehad het om binne 'n Afrikaanse Universiteit selfkennis en volkskennis op te doen, maar bo al kennis van onverganklike en onvervreembare waardes.

Dit bring ons vanself tot die vraag wat die taak is van 'n Universiteit binne 'n bepaalde samelewing. Hierdie vraag sal onder die oë gesien moet word, voordat ons ons aandag kan wy aan die uiteensetting van die meer spesifieke taak van die Afrikaanse Universiteit binne die Afrikaanse samelewing.

---

## III.

## DIE UNIVERSITEIT EN DIE SAMELEWING.

Wat is die taak van die Universiteit in vergelyking met die van die Hoërskool? Het die Universiteit verpligtings van sorg en opvoeding van die jeug binne sy mure, en het hy pligte as intellektuele leier teenoor die gemeenskap?

Hoe moet die Universiteit sy houding bepaal insake beroepsopleiding?

Wat moet swaarder weeg by die Universiteit: die opleiding van studente, of die ondersoekswerk van sy dosente?

Hier is 'n lysie van vrae wat hulleself om die een sentrale vraag groepeer: *wat is die roeping van 'n Universiteit binne 'n bepaalde samelewing?*

Dat hierdie vraag nie so maklik is om sonder teenspraak te beantwoord nie, blyk uit die feit, dat die bogenoemde vrae deur die lede van geen enkele Senaat in ons land eenstemmig beantwoord sal word nie.

Maar as die kragte wat self die Universiteit maak tot wat dit is, nie weet wat die doel en

strewe van hulle inrigting is nie, hoe moet die gemiddelde lid van die volk dit dan weet? En dat hy dit sal begryp is tog die groot begeerte van elke Universiteit. Want die Universiteit moet gedra word deur die gemeenskap in wie se midde hy werk anders is hy tot aftakeling, steriliteit, en uiteindelik die dood, gedoem. Ons bedoel nie hier in die eerste plek dat die Universiteit finansiëel gesteun moet word deur die publiek nie, maar wel dat hy geestelike weerklank in sy omgewing moet vind, as hy nie totaal geïsoleerd, fisies en psigies magteloos wil staan teenoor die lewe nie—en met hierdie lewe se probleme het die Universiteit tog immers te doen.

In nog 'n ander opsig is dit nodig dat die betekenis van die Universiteit se taak goed begryp sal word. Die ouer geslag word immers verwag om hulle seuns en dogters wat die intellektuele rypheid bereik het, aan te moedig om die Universiteit te besoek vir verder vorming en voorbereiding vir hulle lewenstaak. Maar hoe sal die ouer met vertroue aan sy kinders 'n universiteitsloopbaan kan aanbeveel as hyself nie, maar ook die predikant en die hoofonderwyser van sy dorp, nie weet waarvoor die universiteit tog eintlik staan nie?

Twee dinkrigtings, wat hulle ook openbaar as twee ontwikkelingsrigtings op die terrein van universitêre onderwys, kan maklik onderskei word. Die een is die neiging om die Universiteit te sien as 'n inrigting vir opleiding vir beroepe, net soos 'n vakskool besig is om op te lei vir ambagte. Daar sal hier dus sprake kan wees van graadverskil maar nie van soortverskil tussen Ambagskool en Universiteit nie. Volgens hierdie sienswyse word die vakke en leerkursusse van die Universiteit dan ook beoordeel. Die maatstaf wat aangewend word is: wat is die nut van so 'n vak? Of ook: wat wil die publiek hê? Die samelewing word voorgestel as 'n grootmark waarop vraag en aanbod mekaar moet ophef; die publiek vra om seker dienste, die Universiteit is daar om in die behoefte te voorsien. Wanneer daar geen belangstelling in bepaalde rigtings van ontwikkeling by die gemeenskap bestaan nie, sal dit ook nie die taak wees van die Universiteit om vir sodanige vakke voorsiening te maak nie. Verder sal hy ook sy doelstelling en ontwikkelingsrigting moet wysig namate die tydgees verander, en sy opleiding vir studente so moet inrig, dat hulle sal kan konkureer op die ope mark.

Teenoor hierdie pragmatiese opvatting van akademiese opleiding, staan daar die meer konservatiewe, wat die universiteit beskou as die kweekplaas van die besondere intelligensies uit die jeuggarde van 'n volk. Dit gaan hier in die eerste plek om die intellektuele ontwikkeling van die student en hierdie ontwikkeling liefs oor so 'n wye veld as moontlik is. Dat so 'n student ook later 'n beroep sal vul, is nie die sorg van die professor nie. Sy taak is om van hom te maak 'n selfstandig-dinkende en metodies-arbeidende gees. Is dit nodig dat hy nog 'n tegniese skoling sal deurmaak nadat hy sy akademiese studie voltooi het, dan is dit nie noodwendig dat die Universiteit hierdie afrigting sal waarneem nie. Hiervoor moet gesorg word op ander manier, of die Universiteit kan dit beskou as 'n bykomstige taak wat hy as 'n ekstra op sy skouers neem, maar wat nooit mag lei daartoe dat hy sy hoë roeping sal versaak, of ook maar enigsins sal verwater nie. Die universiteit beskou homself as priester van die wetenskap en dienaar van die waarheid in die eerste plek, en al die ander is bykomstig.

Dit is duidelik dat ons hier met twee verskillende standpunte te doen het, en namate ons die een of die ander inneem, sal ook ons ant-

woorde op die reeks vrae wat aan die begin van hierdie beskouing gestel is, moet getuig van 'n gees van praktiese en nuttige doelstellings, òf die van belangelose verdieping in 'n vraagstuk sonder enige praktiese doel.

Dit is verder ook duidelik, dat ons nie hier met 'n eenvoudige reg of verkeerd kan uitmaak watter opvatting meer reg van bestaan het nie. Gelukkig is dit nie nodig om tot sulke drastiese konklusies te kom nie. Die weg wat ons moet inslaan is om die konsekwensies van elkeen van die standpunte vir hulleself te laat spreek. Die waarheid lê gewoonlik tussen twee uiterstes.

Met die opkoms en groei van die biologiese wetenskappe, veral in die begin van die twintigste eeu, het die neiging al meer tot uiting gekom om die denke van die mens van uit 'n suiwer teleologiese hoek te bekyk. Dit wil sê die oorsprong en aard van die denke word dan benader van uit die gesigspunt van 'n geskikte instrument te wees vir die instandhouding van die lewe. Die dinkende en helderdinkende mens is eerder in staat om sy lewe in stand te hou, as die een wat in moeilike gevalle nie insig en deursig genoeg het om sy handelinge daarna in te rig nie. As ons ver genoeg terug

gaan, so redeneer hierdie mense, dan is dit duidelik dat die mens bo die dier uitgestyg het omdat hy kon redeneer, en dat hy dus beter in staat was om homself teenoor natuur en vyandelike magte te handhaaf as die redelose dier. Daar is heelwat in hierdie beskouing wat dit baie aanneemlik maak, en wat die indruk skep asof dit sonder moeilikheid die probleem van die denke kan oplos.

Die gevaar egter skuil hierin, dat oppervlakkige woordvoerders die saak omkeer, en die stelling wil verdedig dat die denke middel is en die lewe die doelstelling; die instandhouding van die lewe die hoofdoel en die denke as instrument om hierdie doel te verwesenlik.

Ons wil hier duidelik sê dat hierdie opvatting ongeoorloof en onlogies is. Nòg in oorsprong, nòg in aard, blyk die denke te wees die dienares van die lewe, inteendeel sy skyn te oordeel oor lewe en dood, met eweveel belangstelling en eweveel begeerte om te kom tot waarheid, in die een sowel as in die andere geval. Dit skyn asof ons met sekerheid kan sê, dat die denke geen ander meesteres erken as die waarheid nie. Denke is gerig op waarheid. Nou mag dit blyk dat die waarheid van groot diens kan wees vir die instandhouding van

die lewe, maar dan is die waarheid nog nie daar terwille van die lewe nie. Dit mag wees dat die lewe selfs geoffer word terwille van die waarheid. Ook kan ons nie sê dat die denke ondergeskik is aan ons wil nie. Wel mag ons kies waaroor ons wil dink, maar is die objek eers gegee, dan kan die mens nie sê tot watter konklusie sy denke hom sal bring nie. Die denke is 'n proses wat hom in ons bewussyn afspeel en wat gerig is op waarheid. Hierdie proses begin met 'n drang om te verstaan: die *wat*, die *hoe* en *waarom* van verskynsele, wat hulleself aan ons voordoen.

As die universiteit vir iets staan dan is dit vir vryheid van denke. Vanaf die tyd van die Renaissance, toe nog 'n Copernicus ter verantwoording geroep is in verband met sy teorie oor ons sonnestelsel, en toe hy gedwing is om alles te herroep wat hy geskryf het, is die Universiteit beskou as die plek waar elke ernstige vorser, op watter gebied hy hom ook beweeg, sy oortuiginge vry mag uitspreek. Die resultate van die wetenskap hou geen rekening met die voortbring en instandhouding van die lewe nie. Die uitvinding van springstowwe is van geweldig groot betekenis vir die mynbedryf, berg- en kuswerke, maar is ook middel om die mens

te verdelg en die produksie van menslike genie by duisende tonne in een slag te verwoes. So sou ons voorbeelde kan noem oor die hele veld van die menslike aktiwiteit, ongeag of die bestaan in sy logiese dinkwerksaamheid of in fisiese aktiwiteit. Die Universiteit het nie tot taak om hom te beperk tot wat vir die mens nodig en nuttig is nie, ook al sou dit moontlik wees om van te vore vas te stel waar die grens tussen die nuttige en skadelike lê. Sy taak is van 'n veel verhewener aard. Die Universiteit moet namelik die beste geleentheid bied vir die stel van probleme en sover moontlik soek na hulle oplossing. Sy taak is dit, onvermoeid en onverskrokke, die waarheid op te spoor en in sy eenvoudigste vorm weer te gee, sonder om 'n handelsartikel daarvan te wil maak. Die raaisels en geheime van natuur en mens word opgespoor en met noeste vlyt word gesoek na 'n verklaring. Maar dis ook sover as wat die Universiteit behoort te gaan, en hiervoor het ons die voorbeeld van die grootste geeste van alle tye. Dit vra die genie van 'n Pasteur om die tuberkulose kiem in melk op die eenvoudigste manier onskadelik te maak, maar wanneer hierdie kennis eers daar is, dan is dit nie die taak van Pasteur om hom in die praktyk te

gaan verdiep en fabrieke op te rig vir die pasteurisering van die miljoene gellings melk wat vir die mens nodig is nie. Hierdie laaste stap is die taak van die tegniek- en veral die bedryfstegniek. As die beroemde egpaar Curie onteenseglik die eerste gram radium afgesonder en vasgelê het, die eienskappe daarvan beskryf het en sy verhouding tot ander elemente probeer bepaal het, maak hulle hul uitvinding wêreldkundig en laat dit aan die tegniek oor om te sien vir wat radium alles kan gebruik word. Dit is nie die taak van Marie Curie om radium aan te wend vir die genesing van kankerlyers nie. Haar groot werk was dié van die fisikus en nie van die dokter nie. Nou mag gesê word dat die Universiteit tog wel deeglik die dokter oplei, en dus vir hom bemoei met die beroep van die medisynmeester; dat daar dus in hierdie geval beroepsopleiding gegee word binne die mure van die Universiteit. Dit mag inderdaad waar wees dat enkele universiteite vir hulle bemoei om *die geoefende praktisyn* vir die gemeenskap af te lewer. Hierdie universiteite is egter sonder twyfel die uitsondering op die reël, en daarby nie die mees beroemde inrigtinge van hierdie aard in die wêreld nie.

Die Universiteit se taak is om die siekteverskynsel in sy oorsaaklike verband grondig te bestudeer en die moontlike genesingsmiddel te ondersoek. Maar het hy eers hierdie kennis, dan word dit aan die student in die medisyne meegedeel, en die dosent trek nie daarop uit om te sien hoeveel krankes hy kan genees met die nuwe insig wat hy deur sy studie en ondersoek verkry het nie. Om dit sterk te stel kan ons sê: dat vir die universiteit die pasiënt *middel* is tot insig in die aard, oorsaak en genesing van die siekteverskynsel, terwyl vir die dokter die pasiënt doel is sonder meer. In die eerste geval is die belangstelling gevestig op die siekteverskynsel en die pasiënt is die toevallige draer daarvan; in die tweede geval is die aandag van die dokter bepaal by die pasiënt as mens, as vader, moeder of kind van 'n huisgesin, en sy taak is om die sieke van sy lyde te verlos so gou en so goed as wat hy by magte is om te doen.

Ons wil nie misverstaan word nie, die bedoeling is nie dat die universiteit afsydig moet staan ten opsigte van die ruisende en bruisende stroom van die lewe nie. Inteendeel is dit juis die veld waarop die Universiteit gedurig sy feiteversameling moet vernu en aanvul. Die

bedoeling is om duidelik aan te toon dat die Universiteit se doel en strewe nie is 'n tydelike, deur tyd en omstandighede beheerste en beperkte nie, maar dat dit sy voortbestaan daaraan te danke het dat dit nie in die praktiese lewe ingryp nie, nie as beeldestormer en hervormer optree nie, hoewel dit die skerp soeklig van kritiese ontleding op al die euwels van die samelewing kan laat val. Ook wil ons nie beweer dat studente nie kan optree hetsy as indiwidue, of in massa, om een of ander misstand aan die kaak te stel en daar 'n einde aan te maak nie. Miskien is dit selfs hulle plig.

Al wat ons hier wil volhou, is dat die Universiteit sy grootste, blywendste en hoogste taak daarin moet vind: *dat dit 'n soeker na waarheid is, 'n tugmeester van die menslike denke en 'n gids op die terrein van waardes.*

'n Ander en baie belangrike aspek van hierdie vraagstuk is die verhouding van die Universiteit tot die student.

Ons het hier immers te doen met 'n tweeledige taak wat aan die Universiteit opgedra is: die een spruit voort uit die feit dat dit 'n vorser is na waarheid en op die manier 'n belangrike bydrae lewer tot die menslike kennis. Maar dit is ook tegelyk die bemiddelaar van hierdie

kennis, deurdat dit leiding gee aan de jeug wat die kollegesale kom besoek om aan die hand van bevoegde dosente ingelei te word in die wetenskap.

Die vraag is nou of die Universiteit meer aandag moet gee aan die lewende woord, wat weer hopelik deur die student voortgedra sal word, òf dat hy sy aandag hoofsaaklik sal wy aan navorsing en die geskrewe woord?

Ten opsigte van hierdie vraag, is daar twee gevestigde en goed verdedigde menings wat altwee binne die Universiteit beliggaam word.

Die een vind ons veral sterk geprononseer in die jonger lande, waarin die Verenigde State van Amerika die mees tipiese is. Volgens hierdie opvatting is die Universiteit daar in die eerste plek, as 'n inrigting vir hoër onderwys en moet hy sy eerste aandag gee aan die studente vir wie en deur wie hy bestaan. Tegelyk word met nadruk verklaar dat die Universiteit in diens staan van die gemeenskap en dat dit die eis van die gemeenskap is dat hy leiding sal gee aan die jeug, en die nodige vakkennis sal meedeel, sodat hulle weer op hulle beurt die gemeenskap tot diens kan wees. Die gemeenskap het ook alle reg om hierdie eis te laat geld, so meen hulle, want die Universiteit is immers

aangewese op die ondersteuning van die publiek. Hierdie ondersteuning bestaan in die vorm van geldelike bydrae, vaste eiendom, legate, ens., maar ook in die vorm van studente wat deur hulle aanwesigheid en die storting van die vereiste leergelde, die bestaan van die Universiteit moontlik maak. Dit is duidelik dat hierdie opvatting van 'n Universiteit die nadruk lê op die taak van leer en doseer; van 'n kwantum parate kennis mee te deel; van eksamens af te neem en grade uit te reik wat die stempel van die Universiteit dra, en as waarborg geld dat die besitter daarvan oor die nodige kennis beskik om op die publiek losgelaat te word. Dit wil nie sê dat ondersoekswerk nie gedoen word nie, maar alleen dat dit 'n tweede plek inneem in die rangorde van belangrikheid. Van kennis en wete terwille van die wetenskap is hier geen sprake nie.

Aan die ander uiterste staan daar die opvatting van die Universiteit as die tempel van die wetenskap, wat sy sale oopsit alleen vir die weinige uitverkorenes wat gewillig is om hulleself te onderwerp aan die strenge eise wat die wetenskap oplê aan sy dissipels. In hierdie geval sal die eerste aandag gegee moet word aan die behoeftes van die werklike vorser en din-

ker. Die nodige fasiliteite sal moet verskaf word vir hierdie dinkwerksaamheid van die grootste en skranderste geeste van 'n volk, sonder om te vra wat is die nut wat hieruit voortvloei vir Staat en samelewing.

Dat daar studente sal wees is vanselfsprekend, want die groot meesters van die wetenskap het nog altyd deur die bekoring van die wetenskap, en deur die aantrekkingskrag van hulle persoonlikheid, volgelinge getrek. Maar die groter of kleiner aantal van die studerendes maak of breek nie die Universiteit, en belemmer hom nie in sy aktiwiteit op die verskillende terreine van die menslike belangstelling nie. Dat die Universiteit grade en diplomas uitreik word beskou as 'n noodsaaklike euwel. 'n Graad beteken niks anders as die suksesvolle voltooiing van 'n studiekursus, maar gee nog geen waarborg van insig en deursig in die studievak nie, ook toon dit nie aan of daar die nodige aktiwiteit en metodiese belangstelling by sodanige student bestaan nie. Ook bestaan daar die groot gevaar dat die sertifikaat of diploma die doel van studie kan word, in plek van net die middel, waardeur die soort en gehalte van die voltooide studie aangegee word ter voorligting van die belanghebbende gemeenskap.

Kragtens hierdie insigte is die Universiteit bestem vir die kleine garde, wat kan genoem word die geestelike elite van die samelewing. Ook mag die Universiteit hom nooit daartoe leen om mee te werk aan de massaproduksie van ons tyd nie. Om met 'n Ortega Y Gasset [7]) saam te praat: die verskyning van die massa beteken die verdwyning van die geestelike adel.

Hierdie konserwatisme is te vind in sommige van die oudste, eerwaardigste, en in die meeste gevalle, beroemdste Universiteite van Europa. Tereg mag die opmerking gemaak word dat hulle roem verwerf is ondanks hulle konserwatisme en nie as gevolg daarvan nie. Daarteenoor staan die getuienis van 'n skrywer soos Abraham Flexner, wat die gemiddelde Amerikaanse Universiteit daarvan beskuldig, dat die sy deure oopgegooi het vir Jan en Alleman, en deur popularisering van die wetenskap, vandag so oorlaai is met administrasie-, doseer- en eksamineerwerk, dat daar weinig of geen tyd oorbly om die werklike roeping van 'n Universiteit te vervul nie.

Dit is nie vir ons nodig om tussen hierdie twee standpunte 'n besliste keuse te maak nie,

---

[7]) *Ortega Y Gasset: De opstand der Horden.*

want daar is 'n tussenweg wat onses insiens ook nader aan die waarheid is as een van die uiterstes.

Niemand wat ernstig oor hierdie vraagstuk nagedink het kan enige twyfel hê, dat studente 'n baie belangrike onderdeel vorm van 'n Universiteit nie. Om die rede moet ook noukeurige aandag gegee word aan die versorging van die student fisies sowel as psigies. Die student is immers die draer van die gees van die Universiteit wat hy verteenwoordig; hy is die ope brief wat deur almal gelees kan word wat met hom in aanraking kom, en waaruit sal blyk die geestelike agtergrond van sy alma mater. Ons wil met nadruk verklaar dat studente inderdaad 'n gewigtige rol speel in die opbou van 'n Universiteit, maar ons wil ook met eweveel nadruk daarop wys, dat 'n universiteit wat net bestaan vir en deur sy studente, die hoogste betekenis van 'n universiteit nooit kan realiseer nie. Reeds vanaf sy oorsprong is die universiteit 'n gemeenskap, maar dan seker nie 'n gemeenskap van studente nie, maar wel van magistri en scholares. Daarby kom dat die werklike betekenis van universiteit nie veel te doen het met sy fisiese saamstelling nie.

As ons let op die verhouding van meester en leerling in die tyd van Sokrates, Plato of Aristoteles, dan is dit moeilik om 'n mooier en inniger samelewing op intellektueel gebied voor te stel, as wat daar was in die platoniese akademie, of in die peripatetiese skool van Aristoteles. Maar in geen van hierdie, en soortgelyke gevalle, is daar sprake van 'n inrigting of 'n meester terwille van die studerendes nie. Die geval is juis net andersom: die meester het iets om mee te deel, hy word beskou as 'n wyse onder sy tydgenote en om die rede trek hy soekende geeste na hom toe. Dit was die gees van die beste tyd van die Griekse wysbegeerte, dit was ook die gees van die beste tyd van die Renaissance.

Daarenteë kry ons, dat in tye van verval, die leermeester sy wysheid te koop aanbied soos in die tyd van die sofiste, wat as eerste betaalde leerkragte van die Westerse beskawing beskou kan word. Geen wonder dat die verontwaardigde ou Sokrates in die sterkste bewoordinge so 'n geesteshouding afgekeur het nie. Wysheid, so het hy geredeneer, is 'n genadegif van die Gode aan die mens, dit moet hy gereed wees om na die beste van sy vermoë, welwillend en kosteloos aan sy medemens mee te deel.

Wie sal ooit die ontroering vergeet wat hy ondergaan het by die eerste lees van die Symposion, waar Sokrates die eros tot die wysheid beskryf? Hierdie innerlike hartstog wat van binne brand en die mens voortdryf om te soek na waarheid; sterker as die verlange na die geliefde, sterker as die begeerte na eer en roem is die onlesbare dors na wysheid.

Vir alle eeue en vir alle mensegeslagte is hier geskilder die onbedwingbare hartstog om te ken en te weet, om te soek en te vind die kennis van goed en kwaad, en selfs deur te dring tot die kennis van die ewige en onverganklike. Hier lê die betekenis van die Universiteit. Deur sy inrigting en die daarstel van 'n garde van toegewyde leerkragte, wat reeds vordering gemaak het op die moeilike weg van kennis en selfkennis, bied dit 'n onderkome aan vir die ernstig-soekende en voortgedrewe gees. Maar dit wil glad nie sê dat die Universiteit se bestaan en organisasie ingerig moet wees kragtens die eise van die student nie.

Dit sou goed wees as Universiteitsgesagsdraers, sowel as ouers, vir hulleself rekenskap gee van die aard van die universiteit en sy pligte en verpligtings teenoor die samelewing.

Die gees van die universiteit is nie, en behoort ook nie te wees, dieselfde as dié van die middelbare skool nie. Die taak van die Universiteit is om intellektuele leiding te gee aan die volk, en dit is nie daar as gerief vir 'n groep jongmense wat 'n graad of diploma wil verwerf nie. Hoe gouer hierdie besef onder ons mense posvat, hoe beter sal dit wees vir die studerende jeug en des te gouer sal die wetenskaplike peil van die universiteit verhoog word. Dat 'n professor van 'n bepaalde universiteitsvak ook studente sal hê om sy voorlesings by te woon is baie gewens, omdat dit vir hom telkens in kontak bring met die lewende werklikheid; omdat dit jonkheid en frisheid van idees in die hand werk, en veral omdat hierdeur die kritiese gees bewaar bly. Niemand besef die voetangels en klemme van sy vak so goed as juis die persoon, wat gedwing word om dit aanneemlik te maak vir die bevattingsvermoë van die oningewyde nie. Maar die groter of kleiner getal studente is geen maatstaf waarmee die sukses of mislukking van die geleerde as professor gemeet kan word nie. Vir hom is daar heel ander norme wat aangewend moet word: die norm van liefde vir en toewyding aan sy vak, die eerbied waarmee hy staan teenoor die

gesag van die waarheid, en die pligsgetrouheid en eerlikheid waarmee hy die weg van wetenskaplike waarheid en waarde bewandel. Die werklike universiteit bestaan dus nie uit 'n aantal doserende en studerende mense nie, maar wel uit die feit dat daar 'n groter of kleiner getal van werklik toegewyde geeste in diens van die waarheid, vir hulle binne sy mure bevind. Daarom is by die aanstelling van 'n nuwe leerkrag nie die eerste vraag: hoe goed hy kan doseer nie, maar of hy 'n wetenskaplike aanwins sal wees, en 'n potensiële krag vir die verhoging van die prestige van die Universiteit. Ook is die salaris verbonde aan die pos nie 'n vergoeding vir die dinkaktiwiteite van so 'n dosent nie, maar wel 'n noodsaaklike middel om hom vry te maak van geldsorge, opdat hy sy onverdeelde aandag en energie sal wy in diens van sy beroep. Die besoldiging moet van so 'n aard wees dat die gemeenskap geen skande op hulle hoof sal neerhaal nie; want die geestelik rykbedeelde word nie te skande gemaak deur 'n karige loon nie, maar die gemeenskap wat sig veroorloof om van sy dienste gebruik te maak en tog toelaat dat hy 'n sukkelende bestaan voer, is besig om die veroordeling van toekomstige geslagte op hulle hoof te

haal. Die gemeenskap daarenteë wat die groot geeste in sy midde werklik op prys stel en na waarde waardeer, is besig sigself te verhef en geestelike goedere bo materiële besittings te stel. Die salarisskaal wat 'n staat met sy wetlike gesag van krag maak vir die dienaars van die wetenskap, is 'n getroue barometer om aan te toon of die wettemakers self 'n oop oog en hart het vir geestelike waardes.

Vanuit hierdie standpunt beskou mag die Universiteit ook nooit gebonde wees aan die wil van een of ander rykaard, wat deur sy rykdomme die teenswoordige of toekomstige vryheid van ontwikkeling van die Universiteit aan bande kan lê nie. Die waarheid het nog nooit onder voorskrifte en wette gedy nie. Sy lewensvoorwaarde is vryheid, sy geldigheid en gesag dra hy in sigself. As die Universiteit vir hom die trotse taak stel om in diens van die waarheid te leef en te streef, dan moet hy ten koste van alles absolute vryheid eis. Ons bedoel deur hierdie vryheid natuurlik nie bandeloosheid nie, maar dat die Universiteit heer en meester bly op eie terrein, dat hy die vryheid van die woord sal handhaaf, dat hy hom sal laat lei aan die hand van bo-indiwiduele norme, sonder opportunisme en sonder kompromises.

Die verstandige staatsman sal moet insien dat hy die outonomie van die Universiteit nie kan aantas, sonder om uiteindelik groot skade aan die Staat self te berokken nie. Want die ontwikkeling van die staat kan nooit op vaster bane gaan, as juis deur die wetenskaplike insig en objektiewe kritiek van die universiteit nie. Hierdie kennis en voorligting kan elke ernstige staatsman kosteloos tot sy beskikking hê as hy die nodige vryheid laat aan die inrigting, wat meer as enigiets anders aangewys is om helderheid en sekerheid te gee in verband met groot volksvraagstukke.

Die Universiteit is geroepe om 'n bo-indiwiduele taak in die volkslewe te vervul. Hy moet sonder aansien des persoons sy gang kan gaan om standaarde van kennis vas te stel vir die verwerwing van grade en diplomas, eise van vlyt en intelligensie te handhaaf sonder tussenkoms van buitestaanders, sonder ook selfs die beperking wat die staat op hom sou kan lê.

In alle eeue is die beste vrugte van menslike aktiwiteit afgewerp, waar die mens outonoom gehandel het, en waar sy gees onbelemmerd as skepper kon optree. Die Renaissance is nie 'n protes teen godsdiens nie, ook nie die afskud van sedelike bande nie, maar alleen 'n protes

teen dwang. Die geloof op gesag, ken en weet op gesag, was die mens onwaardig, en vandaar die verset teen die alles-oorheersende gesag van die kerk van die Middeleeue. Maar juis omdat daar verset gekom het, omdat daar revolusie was in plaas van 'n geestelike evolusie, is soveel van die mooiste en mees waardevolle werk van die Middeleeue ook oorboord gegooi. Die massa kan moeilik onderskei tussen 'n waardelose vorm en die inhoud wat tog nog 'n bruikbare kern mag bevat. Dit is die rede waarom alle revolusies soveel waardevols vernietig, terwyl dit tog die bedoeling is om alleen die misstande te verwyder en die onbruikbare vorme op te ruim.

Die Universiteit kan baie foute begaan as 'n vrye instelling, maar die ramp vir volk en staat is nie te oorsien, as die Universiteit van bo-af deur mag en gesag beheers word, en sy voorskrifte moet kry van diegene wat nie 'n integrerende deel van homself vorm nie. Dan sal dit nie moontlik wees om sy hoogste en diepste wese te realiseer nie, of om sy gestelde ideaal na te streef nie. Want elke universiteit het as roeping en plig die taak om 'n eie gees te skep, om 'n eie persoonlikheid uit te leef. Ons twyfel vandag nie meer aan 'n groepsbe-

wussyn nie, wat tegelyk 'n samevatting is van die som van die indiwiduele bewussyns van die groep, en tog kwalitatief verskil van die bewussynsinhoud van enigeen van die saamstellende onderdele. Hierdie verhouding is min of meer dieselfde as dié van ons persoonlikheid en die som van ons persoonlike kwaliteite. Ek kan 'n persoon se karakter-eienskappe noukeurig opsom, maar dan het ek daardeur nog nie die tipiese van sy persoonlikheid weergegee nie. Sy persoonlikheid is die samevatting van al daardie eienskappe, maar is juis in die eenheid daarvan iets meer en iets anders as die som van die eienskappe.

So is dit ook met die groep en groepsbewussyn. By alle universiteite is dit 'n uitgesproke of veronderstelde ideaal om by hulle studente 'n bepaalde groepsbewussyn te kweek, wat tipies is van die alma mater. Hierdie groepsbewussyn bestaan nie net in die sentimentele gehegtheid van geslagte van studente aan hulle universiteit nie, maar in daardie onbepaalbare iets wat iemand lid maak van die groep, wat hom onder die bekoring en dwang bring van daardie groepsgees, en waarteenoor hy as indiwidu met lojaliteit en toewyding moet staan. Hoe sterker uitgesproke die groepsgees is van

'n universiteit, hoe makliker en hegter sal hy elke nuwe lid wat tot die samelewing toe tree, kan assimileer, sonder aan die ander kant die spesifieke aard of talent van die nuweling te kort te doen. In die tempel van die wetenskap kan en moet ook nie al die boustene presies dieselfde wees nie, maar hulle moet almal tot een hegte, soliede gebou saamgevoeg word.

Die Universiteit het 'n groot plig hierin dat hy sy persoonlikheid ontwikkel met alle krag tot sy beskikking, en sy karakter bou met alle erns en ywer. Hierdie plig rus nie op die skouers van die student alleen of op die dosente nie, maar op altwee te saam. Die leermeester moet 'n vorser na waarheid wees sy lewe lang, en die student moet onder die besef kom dat sy eerste en hoogste plig is om 'n waardige volgeling te wees op die weg na wysheid. In en om die Universiteit moet daar wees 'n atmosfeer van opgewekte erns.

Geen groter invloed op die vorming van die jeug is dinkbaar as hierdie samelewing, gewy aan die gemeenskaplike taak van ondersoek „opdat niks mensliks vir hulle vreemd sal bly nie." Die Universiteit wat vreemd staan teenoor so 'n geesteshouding en homself net besig hou met voorbereiding vir grade en diplomas,

is die naam Universiteit nie wêrd nie, en het nog nooit besef dat sy taak 'n skeppende moet wees nie; dat die brandende begeerte na wysheid nie afgestomp mag word nie, maar aangewakker en metodies geskool moet word. In so 'n omgewing sal elke nuweling direk gepak word deur 'n verlange om in te dring in die geheimenisse van die lewe, om ook vorser te word na die geestelike skatte wat nie deur die mot of roes vernietig kan word nie.

Die idee van vakstudie wat afgehok is van alle ander studierigtings, is hierdeur ook meteen die kop ingeslaan. Geen enkele studierigting staan afgesonder en absoluut vry van die invloede van al die andere nie. Vrye baan vir die begaafde geeste wat die gehoorsale van die Universiteit betree, moet die leuse van die toekoms wees. Want die volending van 'n universiteitsloopbaan behoort te wees die opbou van 'n gesonde en goedgefundeerde wêreldbeskouing en 'n strewende, kragtige lewensopvatting.

Maar opdat die wêreldbeskouing nie eensydig sal wees nie, of onvolledig en wisselvallig in sy samestelling, moet dit berus op 'n breë basis van verwante studievakke en die moontlikheid om enig ander vak wat belangstelling wek by die studerende, daarby te neem. Die indeling soos

ons dit vandag het van vakke, departemente en kursusse, met eksamens wat wag aan die end van elke kursus, *is die dood van alle begeerte na wysheid en die verlamming van alle soek na waarheid.* In hierdie opsig sal die Universiteit van die toekoms, en veral ons eie inrigtings onder die naam in S.A., groot hervorming moet ondergaan. Want wat is die geval? terwyl dit in die verlede nodig geblyk het om 'n waarborg uit te reik dat die draer daarvan 'n suksesvol afgelegde toets agter die rug het, word die middel nou as doel gestel. Nie meer is dit die drang en soek na die kennis nie, maar wel die simbool daarvan, nl. die sertifikaat. Dit is inderdaad akademiese afgodery van die ergste soort! As ons nou nog net die volgende stap neem: die verkoop van akademiese grade op die hoeke van strate, desnoods by wyse van opbod aan die hoogste bieder, dan is ons weer aangeland in die tyd van Luther en Tetzel, met sy aflaatbriewe, wat vrystelling kan verleen van begane sowel as toekomstige sondes. Eis dit dan soveel insig en gesond verstand om te besef, dat die besitter van die sertifikaat sonder die nodige kennis of geskoolde gees, 'n gevaar is nie net vir die maatskappy waarin hy verkeer nie, maar nog meer vir homself? Hy het

immers die onmenslike taak om sy hele lewe lank die pretendent te speel, sonder om ooit uitgevind te word. Hy word 'n hanswors in plek van 'n geleerde, 'n huigelaar instede van 'n verkondiger van waarheid.

Wil die universiteit 'n blywende instelling wees, dan moet dit ook mik na blywende doelstellings, en van hierdie pad mag dit nie afdwaal agter dwaalliggies aan nie. Volksvoorligter in hoogste sin van die woord moet dit wees, maar dan altyd onder die voorbehoud dat die volk nie deur tydelike behoeftes beheers, of deur kortsigtige begeertes vervul, aan die Universiteit gedragsreëls sal kan voorskryf en 'n willekeurige wending gee aan sy ontwikkeling nie. Die Universiteit is bo alles geroepe om dinge te beskou, „sub specie aeternitatis" [8]) Hiervan mag hy nooit afwyk nie, vir niks en niemand nie.

Ons kan hierdie uiteensetting nie beter afsluit, dan deur die woorde aan te haal van die hoof van 'n universiteit wat meer as vyfhonderd jaar van selfstandige ontwikkeling agter die rug het.

---

[8]) *onder die gesigspunt van die ewigheid. Uitdrukking van Spinoza.*

„Lastly, are the duties of a university fully discharged when the development of the intellect alone remains the chief consideration and when the spiritual value of learning is ignored? My answer is no. Man does not live by bread alone, even intellectual bread. I do not stand alone in that opinion. In the midst of his speculations on the spaceless, timeless universe, Einstein suddenly strikes a human note. „More than ever before," he says, „the fate of civilized mankind hangs on the moral forces which it is able to call forth. Whence can come the forces for such a development? Only from those who in youthful years have been afforded through study the possibility of strengthening the intellect and freeing the outlook."

After all, in your country, as in mine, a university has to deal with individuals who are prepared to dedicate themselves to learning and to the eternal pursuit of truth.

Man with his burning soul
Has but an hour of breath
To build a ship of truth
In which his soul may sail,
Sail on the sea of death.

For death takes toll
Of beauty, courage, youth,
Of all but truth.

In the future, as in the past, the universities will be judged by the way each one of us steers his frail barque on that lovely voyage." [9])

---

[9]) "*The Obligations of universities to the social order.*" p. 56. *American University Conference* 1933.

## IV.

## HOËRSKOOLONDERWYS AS VOORBEREIDENDE ONDERWYS VIR DIE UNIVERSITEIT.

Geen bespreking van universitêre onderwys kan aanspraak maak op volledigheid, as dit nie ook die voorbereidende onderwys onder die soeklig van kritiese beskouing laat deurgaan nie. Te meer is dit die geval in ons land waar ons te doen het met betreklik jeugdige Universiteite, tweetaligheid, en daarom twee mediums waardeur skoolonderrig gegee word; en waar ons rekenskap moet gee aan twee volksgroepe met verskillende en selfs botsende lewensopvattings.

Ons sal dus die vraag onder die oë moet sien of ons middelbaar en voorbereidende hoëronderwys, in die volle sin van die woord, aangepas is aan die eise van die maatskaplike lewe in Suid-Afrika en of dit voldoen aan billike eise van die universitêre leergange.

Om op hierdie vrae antwoord te gee, is dit nodig dat ons die ontwikkeling van onderwys

in Suid-Afrika in oënskou sal neem, en al is dit dan ook maar baie oppervlakkig, aantoon waarin ons onderwyssisteem te kort kom aan die billike eise wat 'n mens aan volksonderwys mag stel. Ek sê met opset, oppervlakkig, want waar die hooftema is universitêre onderwys, kan nie van my verwag word dat ek hier 'n volledige uiteensetting van ons onderwysstelsel, sy deugde en gebreke, sal gee nie, om die eenvoudige rede dat dit ons te ver sal voer van ons doel en ook omdat ons daardeur veel meer ruimte in beslag sal neem as wat toegestaan word vir hierdie werkie.

In gedagte moet dan gehou word dat ons hier in Suid-Afrika nie 'n organiese ontwikkeling van ons onderwys gehad het nie. Vanaf 1652 tot 1795 was die volksonderwys op die lees geskoei wat dit in Holland van daardie jare aangeneem het.

Voordat die verowering van die Kaap deur die Britte in 1806 plaasvind egter, kom daar 'n rapport deur de Mist onderteken, waarin die Here 17 aangeraai word om groot hervormings op onderwysgebied toe te staan vir die neersetting aan die Kaap. Die hervormings moet gaan in die rigting van groter aangepastheid aan 's lands-omstandighede en volgens die behoefte

van die volk aan die Kaap woonagtig. As aan hierdie wenk uitvoering sou gegee gewees het, dan sou dit miskien moontlik gewees het vandag om in die verre verlede iets van 'n nasionale sisteem van onderwys op te spoor. Dit is egter nie gebeur nie, want in dieselfde tyd is Kaap die Goeie Hoop vir goed verower en ingelyf in die lang lys van kolonies van Brittanje.

Vanaf daardie tyd is 'n stelsel van onderwys soos in swang in Engeland hierheen oorgebring en net so op die volk toegepas. Weliswaar is van tyd tot tyd veranderinge aangebring, maar in kern en wese is die onderwys dieselfde gebly.

Die vraag kan hier gestel word: Wat is die vereistes waaraan elke onderwyssisteem moet beantwoord? Want ten opsigte van hierdie fundamentele beginsel, moet ons eners dink anders kan daar groot misverstand ontstaan. As ons nou sê dat dit absoluut noodsaaklik is, *dat volksonderwys aangepas moet wees aan die land waar dit gegee word, en dat dit moet voortspruit uit die wêreldbeskouing van die volk op wie dit toegepas word,* dan het ons hier seker die minimum en nie die maksimum geëis nie. Wat nou tot dusver in ons onderwysstelsel gemis word, is die aangepastheid aan die Suid-Afrikaanse bodem met alles wat daaruit voortvloei.

Ons woon op 'n kontinent 6000 myl verwyder van Europa, ons lê Suid van die ewenaar, Europa ten Noorde daarvan; ons het 'n vastelandse klimaat, met somer en winterreënvalstreke, terwyl die lande waarvan ons ons onderwysleiding moes kry hemelsbreed verskil in klimaat, verspreiding van reënval oor die jaar, bodemgesteldheid, en nie minder wat betref vorm en struktuur van aardoppervlakte nie.

Kom ons tot die bewoners van die land waar die soort van onderwys gegee word, dan merk ons dat hier eenwording plaasgevind het van Geus en Hugenoot, met inmenging van 'n tamelik groot persentasie Duitse bloed daarby —die resultaat is wat ons die Afrikaanse volk noem. Hierdie volk het ongetwyfeld reeds sy beslag gehad in die begin van die 19e eeu, toe Britse verowering van die Kaap plaasgevind het. Hierdie volk het toe ook reeds in groot lyne sy lewensopvatting, al is dit onbewus, klaar gevorm gehad. Dit was 'n protestants-kristelike volk, wat alles op die altaar gelê het vir geloofsvryheid en reeds onmiskenbaar uiting gegee het aan sy drang na staatkundige vryheid en onafhanklikheid, soos blyk uit die pogings om die Republiek van Graaf-Reinet en Swellendam te stig.

Hier was dus 'n gevestigde gemeenskap wat nie meer Europees gevoel en gedink het nie, wat diepe en duidelike oortuigings oor lewenswaardes in hulleself omgedra het, en op grond waarvan hulle huisgesin en maatskaplike lewe gevorm was. Die natuurlike grondslag vir 'n onderwyssisteem sou dus moes gesoek word in die aard van hierdie land en die lewensbeskouing van hierdie volk. In plaas daarvan was ons onderwys in vorm en inhoud 'n getroue weergawe van wat die Engelsman en Skot gehuldig het binne hulle eilandryk 6000 myl van hier. Hierdie feit is reeds 'n genoegsame bewys vir die stelling, dat, as ons wil praat van 'n eie Suidafrikaanse sisteem van volksonderwys vir die toekoms, ons sal moet ophou om te timmer en lap aan die onderwysgebou wat op 'n onsuidafrikaanse en onnasionale fondament rus. Hier kan geen sprake wees van hervorming nie, maar van prinsipiële verandering, wat nie veel minder is as 'n rewolusie op onderwysgebied in Suid-Afrika nie. Ons skyn te vergeet dat hoewel ons Europeane is, ons lankal nie meer Europeërs is nie. Dat ons kinders die lewe inkyk met Afrikaanse oë, dat hulle eerste lewenservarings en lewensinsig sterk onder die invloed is van hulle vaderland, dat hulle senti-

mente gevorm word onder die son en in die lig en op die bodem van hierdie, hulle enigste Vaderland. Vaderlandse geskiedenis en vaderlandse aardrykskunde behoort dus fundamenteel te wees vir 'n onderwyssisteem wat voorgee om volksonderwys te behartig. 'n Vaderlandse geskiedenis is daar selfs nog nie eens geskryf nie, laat staan geleer op onse skole; terwyl 'n aardrykskunde wat kennis meebring van die aard van die land, insig in sy bodemgesteldheid, produksievermoë en moontlikhede, een van die mees verwaarloosde vakke is op ons skole.

Kom ons tot die middelbare en hoëronderwys, dan is die saak nie baie anders nie, en vind ons eenvoudig die logiese konsekwensies van wat fundamenteel onnasionaal is.

Vanaf die tyd dat daar sprake is in ons land van middelbare onderwys, dra dit die karakter van die tipiese gentleman-opvoeding wat in Engeland in swang gekom het, vanaf die tyd dat hierdie eiland-volk die seë begin beheers het en die wêreld oorstroom het met sy nywerheidsprodukte deur middel van 'n wêreldhandel. Hierdie, nie-utilistiese, vrye, intellektuele vorming, het voortgespruit uit die behoeftes wat die land en volk gehad het aan 'n tipe van

mens, wat die produk was van Matthew Arnold se ideale skool. As dit ooit waar is dat 'n onderwysideologie voortspruit uit die bewuste en onbewuste behoeftes van 'n bepaalde tyd waarin dit pas, dan is dit hier waar. Want in die snelle groei van die nywerhede in Engeland, moes daar gesoek word na die nodige markte vir die oortollige produkte waardeur juis so 'n nywerheid eers betaalbaar gemaak word. Hiervoor is nodig 'n vertroubare mens met groot aanpasbaarheid aan omgewing, sodat hy hom kan tuis maak in alle dele van die aarde. 'n Opvoeding wat die nadruk lê op optrede, houding, gedrag, selfsekerheid en algemene kennis, is hier op sy plek. Sover as die Britse handelsvloot beweeg het, is hy gevolg deur die Britse oorlogsvloot, wat op vreedsame wyse of deur middel van geweld, die nasionale vlag geplant het op alle strategiese punte wat van belang was vir die handel, 'n handel wat langsamerhand uitgebrei is tot 'n wêreldhandel. Waar die vlag waai, egter, is administrasie nodig en so kry ons die groot behoefte aan die regte soort mens, wat die volksbelange sou kan behartig van uit Europa tot in Asië, van die Noord- tot die Suidpool. Hierdie tipiese mens is die „British Official" wat 'n bekende figuur is in die beskaaf-

de, sowel as onbeskaafde dele van die wêreld. Die skole wat die model aangegee het van wat sodanige gentleman-opvoeding is, is die bekende Eton en Harrow, en as universiteite is die kroon gespan deur Oxford en Cambridge. Die tipiese Brit soos die buitewêreld hom ken, kan teruggebring word, wat sy vorming betref, tot hierdie genoemde inrigtings, of tot ander wat daarmee in gees ooreenkom.

Dit word ook begryplik dat internasionalisme en „broadmindedness" hier op sy plek is, veral as daardeur die weg geëffen word om dit aan die mense te verkondig, met wie hy politieke of handelsbetrekkinge wil aangaan. Die Brit het geen las van vreemde, indringende elemente in sy eie tuiste nie, daarom kan hy en moet hy die leer van objektiwiteit en sentimentloosheid aan dié mense verkondig, waar hy moontlik self as indringer kan beskou word. Verder is hy so oortuig van huis uit dat sy metode en sy waar die beste is, dat hy sonder blik of bloos vir die ander mense en desnoods vreemde volke, die „buy British" beleid voorskryf, al is dit dan maar om hulle teen hulle sin, die nie-vermoede voordeel van so 'n transaksie te besorg.

Ons moet nie vergeet nie dat in ons erkenning van die uitstekende aangepastheid van die

Britse skool aan hulle volksideologie, ons ook tegelyk daarmee die absolute ongeskiktheid van sodanige stelsel vir 'n boerebevolking konstateer.

Engeland mag aan die wêreld 'n seker model amptenaartipe, 'n baie vertroubare en prettige handelsman gelewer het, maar hy het seer seker nie die model boer geproduseer nie. Juis in hierdie opsig het die onderwyssisteem wat nie uit die land en volk self te voorskyn gekom het nie, vir ons ondanks alle goeie bedoelings, ontsettend veel skade berokken en sal dit ook nog 'n lang nasleep hê van gevolge, selfs al sou daar in die nabye toekoms ingrypende veranderinge plaasvind.

Hier is gevaar van misverstand. Want dit is nie die bedoeling dat 'n Afrikaanse onderwysstelsel juis boere moes gemaak het van ons volk nie. Ons het dit nie hier oor die landbouer teenoor die handelsman of amptenaar nie. Die geval is egter dat geen volk die geweldige invloede van land en omgewing waarin hy gevestig is kan ignoreer, sonder groot skade vir sy siel nie. Ons volk het geword wat hy is dank sy die vaderlandse bodem, die gesteldheid van die klimaat, die geografiese ligging en die betreklik ongebrokenheid van sy kuslyn. Eu-

ropa is 'n land van riviere met diepe inhamme, waardeur daar 'n groot kuslyn kom vir 'n betreklik klein landjie. Holland en Engeland kan hier in gelyke mate as voorbeeld dien. Suid-Afrika is 'n land met 'n ruwe en onherbergsame kus, onbevaarbare riviere, groot onderskeid in hoogte tussen seekus en die binnelande, waardeur 'n snelle waterafvoer en as gevolg groot verspoelings, en wegspoeling van vrugbare aarde. Hoewel hier van die begin af aan 'n seevarende volk gewoon het, en nieteenstaande die feit dat ook die Britse volk 'n seevarende moondheid was en is, is in Suid-Afrika nooit enige entoesiasme vir die seevaart gewek nie. Die land en sy geaardheid het 'n volk van boere van ons gemaak en dit veral veeboere. Hierdie volk met die mentaliteit van bodemvastheid, gewend aan son en lig en ruimte, sou kragtens sy eie aard en wese 'n opvoedingssisteem moes ontwikkel het, wat die spore dra van sy boere-ideologie. Dit is nie gebeur nie, omdat die stryd om bestaan nouliks 'n weinig draaglik geword het, of die een verowering en anneksasie na die ander het gevolg.

Vra ons nou waarin die tipiese van ons onderwysstelsel sou moes geblyk het, dan wil ek op

'n paar eenvoudige grondbeginsels opmerksaam maak.

As die Europeaan van die 17e eeu in Suid-Afrika kom, is dit nog geen kultuurland, maar heers daar nog 'n suiwer natuurtoestand. Die nuwe inwoner egter is die draer van tradisies en leerstellings van sewentienhonderd jaar en meer. Hieruit vloei twee konsekwensies voort: ten eerste, 'n kultuurmens op Kristelike grondslag wat hom nou in S.A. aanpas; en ten tweede, dat die aangepaste, hier gebore geslag, aan heel ander eise moet beantwoord as hulle voorouers. Die eerste kwalifikasie lê meteen die een hoeksteen vir 'n nasionale stelsel van onderwys en opvoeding, nl. die Protestantse Kristendom as wêreldbeskouing en lewensleer. Dit bepaal ons houding teenoor die Bantoe- en ander inboorlingrasse, sowel as tot die volksgroepe wat 'n ander godsdiensbeginsel huldig as ons. Al sou hierdie rasse en groepe die Kristendom aanvaar dan mis hulle tog nog die byna tweeduisend-jarige invloed van so 'n lewens- en wêreldleer wat uitgegaan het van die grondstellings daarvan.

Kultuur is immers nie iets wat kan oorgedra word nie, aangeleer of gekoop word nie, dit is die verwerwing van geestelike besit, wat in

die volste sin van die woord die karakter van die „eigene" en tipiese dra.

Gun ons die naturellerasse ontwikkeling, kultuur en beskawing, dan moet dit gebou word op naturelletradisies, op hulle temperaments- en geestelike eienskappe en aangepas wees aan hulle behoeftes. In een woord die Bantoe moet toegelaat word om vir homself te verwerf, dat wat pas by sy aard en waaraan hy uit eie beweging behoefte voel. Die na-aap van Europese kultuur mag van hom 'n goeie aap, maar nooit 'n Europeaan maak nie. Ons kan sonder oordrywing sê: dat die verligte Afrikaanse opvatting oor 'n moontlike saamleef en opgroei van 'n Bantoeras met die blanke ras in Suid-Afrika, terwille van die naturel self moet seëvier. In hierdie opvatting is daar geen plek vir onderdrukking of die stempel van minderwaardigheid toeken nie, die bedoeling is alleen dat die natuurlike weg gevolg moet word en dat aan die psigologiese en etnologiese wetlikheid meer aandag gegee moet word. Daar is nie net een kultuur in die wêreld nie, maar soveel aparte volke soveel kulture. Namate die een volk verder verwyderd is van die ander, kragtens lewenshouding en aanleg, na die mate

sal sy kultuur ook afwyk van dié van die ander.

Miskien is dit vir die Brit met sy tradisionele maatstaf van „civilization”, waarin die nadruk gelê word op houding en gedrag en nie in die eerste plek op inhoud en karakter nie, nie moontlik om ooit van oog tot oog met ons te sien in hierdie saak nie. Hoe dit ook sy, die Boerevolk het deur sy hele geskiedenis heen getoon, dat hy geen verdrukker of onderdrukker van sy medemens is nie, maar aan die ander kant is hy ook nie so arrogant om te meen dat syne die enigste beskawing is wat die moeite wêrd is om te besit nie. Inteendeel hy wil die persoonlikheid van elke volk respekteer, soos hy ook verwag dat hulle syne sal ontsien en respekteer. Ons moet wegkom van die idee dat die Westerse kultuur die enigste, of selfs ook die mees waardevolle van alle kultuuruitings is. Ons kan alleen sê: vir ons is dit die enigste, omdat dit by ons pas as Westerling, maar wat 'n ander volk met ander tradisies en aspirasies, met 'n ander psigiese samestelling as die van ons vir homself sal opeis, weet ons nie en behoort ook nie tot die lys van ons spesiale sorge en bekommernisse nie.

Die tweede kwalifikasie wat ons genoem het: nl. dat die Afrikaner geword het die aangepaste volk op Afrikaanse bodem, onderskei ons as nasie van die Europese familie van volkere en hulle stelsels in Europa. Dit maak dit vir ons dubbel noodsaaklik dat Suid-Afrika sy eie heil moet uitwerk ten opsigte van die hele komplekse samelewing. Europese probleme is nie noodsaaklik Afrikaanse probleme nie en omgekeerd is natuurlik net so waar. Dit met betrekking tot die *vorm* van ons kultuur, nou kan ons aandag gee aan die inhoud daarvan en die in sy historiese wording skets.

Ons kan sê dat die tipiese Afrikaanse kultuur 'n aanvang neem toe die eerste vryburgers vir hulle gevestig het op Afrikaanse bodem, en hulle wel en wee afhanklik gemaak het van hierdie land. Deur die aard van die land is dit bepaal dat dit geen groot nywerheidsentrum of handelsland is nie. Sy gebrek aan groot riviere en sy oneindig uitgestrekte vlaktes en hooglande laat hom vergelyk met die prairies van Amerika. Hier is dus moontlikheid vir die boer met sy vee, en dis veral aan hierdie feit te danke, dat die neersetting uitgebrei het eers noord en toe ooswaarts, om later met die Groot Trek weer noord te beweeg. Die land maak

sy bewoners net so goed as wat die mense die land maak. Dit is dus te verwag dat die Afrikaanse bodem sy deel sal bydra tot die vorming van die Europeaan wat hom hier kom vestig het, en dat dit 'n nog groter invloed sal uitoefen op die komende geslagte. Dit kan dan ook nie betwyfel word nie dat die geweldige uitgestrektheid van ons velde, en die rus en majesteit van ons sterrehemel, baie daartoe bygedra het om die helderheid van blik en openheid van karakter by ons Afrikaanse boer te vorm. Die oerkrag van ons reën- en haelstorms het hom met die strenge realiteit in aanraking gebring; die onverbiddelike en vernietigende van die Afrikaanse droogtes, het hom gestaal in uithoudingsvermoë en hom geleer om te berus in die onvermydelike. Sy praktiese godsdienssin het hom die gebeurtenisse in sy lewe laat sien as noodsaaklike goed of kwaad, al namate 'n alwyse bestierder van sy lewenslot dit vir hom ten beste beskik het. So het hier 'n tipiese mens ontstaan: heer en meester op eie grondgebied, maar tog met groot verantwoordelikheidsin vir alle doen en late sowel van homself, as diegene wat aan sy sorg toevertrou is. Want hy het geglo dat hy maar rentmeester is en nie absolute besitter nie, dat hy rekenskap

sal moet gee van alles wat hy het. Van hierdie soort mense skryf Langenhoven: „Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry."

Waar Europa reeds in die vroegste eeue die mense tot skepebouers en seevarende volke gemaak het, maak Suid-Afrika hulle tot jagters, veeboere en landbouers. Die Europeër mag roem op 'n voorgeslag van Vikings, die Afrikaner kyk met net soveel trots terug op 'n geslag van voortrekkers wat tegelyk was, boer, krygsman en statebouer, seun van die land in murg en been, wie se skool was die harde lewenservaring, en wie se wysheid bestaan het uit kennis van die Bybelwoord.

Dit is die aangepaste mens aan die Afrikaanse bodem, soos die geskiedenis ons hom leer ken. Hierdie aanpassing is nie beperk tot een ras of volk nie, inteendeel ons kry oorspronklike Hollanders onder hulle, soos die eerste vryburgers van 1657 en daarna, wat hulle as boere vestig en langsaam die binnelande intrek; die Franse vlugtelinge wat gevestig word in Franshoek, Stellenbosch en die Pêrel, wat die eerste groot wingerde aanlê en vrugtekwekers word by uitnemendheid; die Duitse amptenare, soldate en jongmanne wat kom soek na 'n land waar hulle 'n bestaan kan maak en wat almal

grond en bodemvas word. Ons kry ook 'n Engelse nedersetting in die Suid-ooste van die land wat hulle meer spesiaal wy aan die produksie van wol en waarvan Kingwilliamstown, Queenstown, Aberdeen, Cathcart, Maclear, Elliot, ens. vandag nog getuie is. Ook hulle word deel van die Afrikanervolk, deurdat hulle dieselfde gemeenskaplike vaderland het en dieselfde ervaringskool deurmaak. Onder hierdie families kry ons name soos Holloway, Galloway, Haywood, Macdonald, Grey, Griffith en so meer, maar hulle is Boere en het Afrikaans as moedertaal.

Die assimilasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het was in die rigting van aard- en nagelvas te word, d.i. vereenselwiging met die bodem en dit beteken die mentaliteit van die Boer te ontwikkel. Hier het ons die grondslag van volksvorming wat 'n verklaring gee van die breë lae van die Afrikaanse volk. Hierdie ontwikkeling kan vergelyk word met dié van die Verenigde State van Amerika, waar verskillende rasse saamgegroei het tot een volk wat hulleself „Amerikane" noem, hoewel verreweg die meeste Engels praat, wat dan ook die offisiële taal van die land geword het, al verskil die mentaliteit van die Amerikaan en die Engelsman net soveel as die van die Hollander

en Afrikaner vandag. Die proses van assimilasie is in Amerika vanaf 1787 ongebroke sy gang gegaan, en die verskillende volksdele is hard besig om hulle groepsidentiteit te verloor en enkel Amerikaner te word.

By ons is hierdie proses onderbreek deur gebeurtenisse wat geskiedkundige mylpale genoem kan word, hiervoor is veral aan te gee die datums 1806 en 1902. In altwee hierdie gevalle het daar 'n teenstelling gekom tussen veroweraar en verowerde volk.

Die veroweraar het gekom om te administreer en nie in die eerste plek om te leer nie. Hy was hoofsaaklik 'n stedebouer en stadsbewoner. Die man wat dink in terme van salarisse en handelswinste.

Die verowerde daarenteë was die oudste volksplanting, wat reeds die pionierswerk vir 'n 150 jaar voortgesit het en dit onder baie moeilike omstandighede. Hulle het reeds die begin gevorm van 'n homogene bevolking, al was hulle uit verskillende rasse samegestel; hulle het Afrikaans as omgangstaal gebruik en weinig of glad geen Engels geken nie.

Van die begin af aan was hier die materiaal vir 'n eersterangs botsing aanwesig. Die nuwe inkomeling mis die ervaring van die geves-

tigde groep, tog is hy daar om te gebied; terwyl die ander uit die staanspoor met die gevoel van veronregting moet gehoorsaam aan die bevele van die oorheerser.

Hier kom die eerste skeiding tussen twee kultuuruitinge; hier begin ook die groot onderskeid tussen stad en land. Hierdie stryd is bekend in ons geskiedenis as die stryd tussen Boer en Brit. Die organiese van die volksgroei en die eenwording met die land is hier verbreek.

Vergelyk 'n mens nou hiermee die geskiedenis van die 1820 setlaars dan is die onderskeid baie opvallend. Hulle het hierheen gekom, na die Napoleontiese oorloë in Europa, as land- en huislose immigrante, mense wat nie 'n opdrag van 'n hoër mag gehad het, of kon optree met die gesag van 'n regerende groep nie. Hulle was ekonomiese verstotelinge soos die Hugenote vlugtelinge was vanweë hul geloof. In altwee hierdie gevalle vind ons volkome assimilasie met die ouer volksplanting—selfs daar waar daar aanvanklik nog verskil in taal was. Die kultuurbotsing tussen Boer en Brit kry sy hoogtepunt in die Groot Trek van 1836-1838.

In die tydperk van 'n groot halwe eeu daarna kom die fisiese konflik, waarvan die kultuurstryd die voorloper was, met die resultaat van

die verowering van die twee Republieke. Vanaf hierdie tyd, egter, is die naam Boer die nasienaam geword van die Afrikaner en is hy deur die wêreld erken as die tipiese van die volk van Suid-Afrika.

Met hierdie vlugtige skets van die wording van die Boerenasie, meen ek het ons genoegsaam aangedui wat ons as tipies beskou van die Afrikaner en sy land. Uit hierdie agtergrond moes daar as van selfsprekend sy onderwys en opvoeding gespruit het. Dit het juis net nie gebeur nie. Inteendeel die mense wat vir ons volksopvoeding moes gegee het, het uitgegaan van die standpunt dat ons 'n verlengstuk is van Europa en wat daar gedoen word ook goed genoeg was vir Suid-Afrika. Nou mag dit waar wees dat as 'n mens besig is kinders te leer lees, skryf en reken, dit nie veel saak maak of jy dit in Europa, Suid-Afrika of selfs Japan of China doen nie; maar as jy voortgesette onderwys gee, wat tog eintlik in die lewe moet eindig dan maak dit tog wel deeglik saak. Is die skool dan nie daar om die brug te span tussen die natuurtoestand en kultuurtoestand van die mens nie? Moet die skool nie juis wees die bewaarder en tegelyk ook die uitdeler van die geestesgoedere van die voorgeslagte nie?

Daarom, al lyk alle onderwys gemeenskaplik-menslike besit en nie die eiendom van een of ander bevoorregte groep nie, dan moet nie vergeet word nie dat die kind net 'n tussenstadium is, dat hy kom van uit 'n bepaalde natuurtoestand, sy omgewing, en dat hy gelei word in 'n baie bepaalde, reeds gevestigde maatskaplike toestand. Die omgewingsfaktor word nie beheers deur die skool nie, ook is die skool nie die skepper van die samelewing wat wag op die kind, om as lid en later as landsburger ingelyf te word nie. Dit lê dus voor die hand, dat die enigste onderwys wat nie skadelik sal werk nie die aangepaste is, aangepas aan land en huislike omgewing en gerig op die maatskaplike lewe. Hierdie laaste taak is die spesiale plig van die behoorlik ingerigte en goed georganiseerde middelbare onderwys.

Wie sal sê watter persentasie van ons armblankedom toegeskryf moet word aan die gebrek aan hierdie nasionaal georiënteerde en doelgerigte middelbare onderwys?

Die mens wat meen dat hy die natuurwette kan veronagtsaam en maak asof hulle nie bestaan nie, sal tot sy skade en skande uitvind dat hyself die dupe word van sy eie kortsigtigheid. Hoeveel te meer geld dit nie van gees-

telike wetlikheid nie? Vir geslagte het ons onderwys die oë gesluit vir Suid-Afrika en sy eise, en het ons vir ons nie gesteur aan die kind wat op hierdie moederaarde voortgekom het en hier sy lewe moet maak nie. Wat kan 'n mens verwag? Net wat ons vandag beleef: *Liggaamlike onaangepastheid en geestelike verwildering.*

Namate ons meer „gentlemen" geword het kragtens die ideaal van ons middelbare onderwys, met sy „general, liberal Education" het ons ongeskikter geword om ons vaderlandse bodem te bewerk; en namate ons „ruimer" van gees geword het, sodat daar naderhand geen enkele volksprinsipe meer in ere gehou is nie, na die mate het ons vir land en volk al minder beteken. Die vreemde dinge wat ons as speelgoedjies beskou het, het naderhand geblyk te wees gevaarlike wapens waarmee ons vir ons swaar verwond het. Vandag dat die oë van die wette-makers van ons land vir hierdie euwel begin oopgaan, merk hulle die ontsettende agterstand wat ingehaal moet word. Ek wil hier die bewering maak: dat ons nie alleen hierdie agterstand nie sal inhaal nie, maar dat ons ook nog in die toekoms tot bloedens toe sal ly, as

ons nie insien dat ons onderwys *nie moet hervorm word nie, maar herskep word.*

Eers wanneer sodanige herskepping of omvorming van gans ons onderwysideologie plaasgevind het, sal ons die kinders wat daaronder opgroei, in die ware sin van die woord, met bande van liefde en trou bind aan hulle vaderland. Dan ook sal daar 'n gemeenskaplike agtergrond vir die verskillende volksgroepe binne ons land geskep word, wat dit moontlik maak om in die toekoms een Afrikaanse nasie hier te hê.

Wat is die Afrikaanse volksideologie wat soos 'n suurdeeg behoort te werk deur al ons doen en late? Tot ons skaamte moet ons sê, daar is nog geen sodanige ideologie geformuleer nie, ook het ons nie soiets as 'n onbewuste faktor in ons gees aanwesig nie, omdat ons skole nog nooit die vaderlandse bodem raakgesien het as sy spesiale terrein, waarop hy al sy vernuf moet rig om dit vir die Afrikaner bewoonbaar te maak nie.

Holland het geworstel met die water om daarvan verlos te raak, ons moet worstel met die droogte, deur die behoud en bewaring van al wat water is in Suid-Afrika.

As iemand met oop oë ons vaderland sou deurkruis, soos ek probeer doen het, dan kan dit nie anders of hy moet diep onder die indruk kom van die waterloosheid van geweldige oppervlaktes. Die gesondste oord en die vrugbaarste grond is vir die mens waardeloos, as daar geen water is nie. Daarom is alle gepraat oor 'n groter bevolking, wanneer ons hierdie bevolking wil beskou as lede van 'n blywende Afrikaanse gemeenskap wat hulle bestaan hier maak, ydele woordverspilling, vóór en aleer die probleem van behoud van ons water opgelos is. Die land moet sy volk kan dra anders kry 'n mens geen gevestigde gemeenskap nie. Daarby kom dat die gemiddelde reënval van Suid-Afrika nie benede die peil van 'n behoorlik leefbare gemiddelde is nie, terwyl die goeie reënvalstreke, en hulle beslaan duisende vierkante myle, 'n reënval het wat gelyk staan met dié van Holland, België of Engeland—lande waar daar nooit klagte is oor verwoestende droogtes nie. Waar sit dan die knoop? Drieërlei faktore kan genoem word, wat rekenskap gee van die ongelykheid tussen ons en die genoemde lande. In die eerste plek moet in die oog gehou word dat die reënval in Europa baie beter verdeel is oor die jaar, ter-

wyl dit by ons gekonsentreer is in dele van die jaar, met glad geen, of relatief min, reën in die resterende deel. Aan hierdie onreëlmatige verdeling kan die mens nie veel doen nie en sal hy moet omsien na ander middels om hierdie leemte aan te vul.

Die tweede faktor wat meewerk om die verskil tussen ons en westelike Europa te aksentueer, is die feit dat die verdamping by ons enorm veel groter is as wat daar die geval is. Te Pretoria is vasgestel dat water wat blootgestel word aan die ope son en lug, 'n verdampingsyfer aantoon van ± 70 duim per jaar. As daar aan die ander kant vasstaan dat ons gemiddelde reënval selfs in die betreklik vogtige streke maar ± 30 dm. per jaar is, dan moet dit elkeen oortuig van die gevaar van blootstelling aan verdamping van enige oppervlakte waarin vog moet bewaar word.

Die derde rede waarom die groot verskil daar is moet gesoek word in ons ligging. Terwyl groot stukke van westelike en midde-Europa byna so vlak is as 'n tafel en van benede die seespieël, oor honderde myle afstand, nie meer as 'n paar honderd of uiters duisend voet styg nie, is Suid-Afrika 'n land van hoogvlaktes, wat styg in Oos-Transvaal tot oor 6000 voet

bo die seespieël. Was hierdie hooglande vir 'n groot gedeelte van die jaar met sneeu en ys bedek, dan sou ons daardeur 'n natuurlike watervoorraad gehad het, wat in ander tye van die jaar die voedingsbron van ons riviere kon gewees het. Maar dit is net nie die geval nie. Ons kry somerreëns in hierdie streke, gepaard met groot donderstorms, wat 'n neerslag vorm genoeg om riviere te laat oorloop en mere te vul—en hierdie water vloei vir drie-kwart na die see, met agterlating van verwoesting en die meesleur van duisende tonne vrugbare aarde.

Niemand kan ontken dat ons hier te doen het met 'n eersterangse volksprobleem, wat inderdaad die voortbestaan van 'n nasie raak.

Hierin lê vir my die uitgangspunt van alle nasionale onderwys, dat die vaderlandse bodem met sy probleme as no. 1. sal geld. Is dit nie tekenend dat Amerika in een slag 150 eksemplare van die verslag van die droogtekommissie van 1923 bestel het, om hulle as leesboeke vir skole in soortgelyke omgewings as dié van ons te gebruik, terwyl by ons self geen vyftig eksemplare deur die skole opgeneem is nie? Ons het in hierdie bespreking nie die oog op die bou van damme en dammetjies nie, met of sonder hulp van die regering, maar wel op

die bewaring van al wat water is op die oppervlakte van ons land in plaas van dat dit sal wegvloei. Vanaf die oorsprong van elke rivier tot by sy uitmonding in die see, lê die taak van vashou van water vir die hele volk voor oë, 'n taak wat onder verstandige leiding, met die nodige wetgewing, moet uitgroei tot volksroeping.

As dit vir Nederland moontlik is om die geweldige Suidersee in te polder, die waters deur mensewerk in bedwang te hou en daardeur honderd duisende hektares grond aan te win; as dit vir Duitsland moontlik is om die moerasse van Oos-Friesland deur kanalisering droog te lê en die grond bewerkbaar te maak, terwyl Italië vandag dorpe en stede stig waar vir 'n twintigtal jare gelede die Pontynse moerasse as 'n broeines van malaria die mens se bestaan bedreig het, dan moet dit moontlik wees vir die Afrikaanse volk om die stryd aan te knoop met die periodieke droogtes, deur die skep van binnelandse mere en deur beter versorging van sy natuurlike watervoorrade.

Naas hierdie probleem van waterbewaring, is daar nog 'n belangriker saak wat dringend eis dat die aandag daaraan gegee word. Dit geld die beskerming van ons natuurbronne, en dit

veral in die bergstreke waarin die oorsprong van ons riviere te vind is. Ek sê nog 'n belangriker saak, omdat die enigste bergreeks wat nog as voedingsbodem van groot riviere kan beskou word die Drakensberge is, terwyl die ander berge deur verwaarlosing en vandalisme gereduseer is tot die reservoirs van klein stroompies, wat met elke groot neerslag aanswel tot woeste riviere, maar binne 'n betreklik kort tydjie weer dieselfde sukkelstroompie van voorheen word. Die konstante vloei van water hang af van die beskerming wat sy bronne geniet, en die-bedek-hou van die stroomgebied.

Sodra 'n bergkloof waar 'n stroompie water afkom oopgemaak word en al die duisende kleine en grote kanaaltjies, wat die water na die groter stroom aangevoer het, aan son en lug blootgestel word, tree daar 'n verdamping in wat van vyf tot sewemaal so groot is as die vroeëre. 'n Mens sien letterlik die waterstroompie kwyn en kort daarna opdroog. Ontbossing van berge, brande van jaar na jaar, oopskeur van die moerassige grond, wat begroeid is met fyn gewas, waarvan die duisende worteltjies almal die water vashou en daardeur 'n seker konstantheid aan die vloeiende stroom besorg, —is die dood aan die oorsprong van ons berg-

riviere. As Suid-Afrika aan die opdroog is, dan is dit nie omdat ons reënval kleiner is as vroeër nie, maar omdat ons die natuurlike waterreservoirs vernietig het en dit nog daagliks doen. In plaas van vernietiging, moes ons die skeppers wees van nuwe vangdamme in ons bergklowe, sodat daar mere kan geskep word, wat tegelyk tot verfraaiing van ons natuur sal lei en die blywende voedingsbodems van ons riviere kan wees.

As ons toelaat dat die een naturellereserwe na die ander juis teen die hange van ons berge gestig word, terwyl ons weet dat deur hulle geen boom geplant word nie, maar sistematies uitgeroei, en hulle vee duisende paadjies trap wat weer almal afvoerslootjies word vir die water van die berg,—dan kry ons ons verdiende loon: droog geworde riviere, ontboste berge en 'n woestynvlakte. Natal, wat van die jaar vroeg af altyd bekend gestaan het as die land met pragtige riviere en 'n goeie reënval, sal nog die bewys lewer van wat ek hier neerskryf.

Wat het dit alles met die middelbare onderwys te doen? Ek sou wil antwoord: alles. As ons onderwys gegroei was uit eie bodem, as ons vaderlandse aardrykskunde geken het in plaas van die name van kape en baaie, riviere en

hawens van Engeland, dan sal ons nie al die geleerde onkunde in ons raadsale en in ons administrasiekantore vandag hê nie. *Die volk is wat hy deur sy huis en sy skool gemaak word.*

*Dit is die taak van die middelbare skool deur differensiasie van leerplanne, om hierdie opleiding en voorbereiding vir die nasionale taak te behartig.*

Tot dusver het ons die aard en wese van ons onderwys in die algemeen probeer skets, en aangetoon hoedat dit nie uit die volk, maar ook allermins uit die land gegroei het. Ons kan nou ons aandag wy aan die organisasie van die middelbare onderwys, wat aan die een kant as paspoort moet dien vir die lewe wat wag in die vorm van een of ander beroep of bedryf, en aan die ander kant die weg moet baan vir die intellektueel begaafdes onder die jeug om die gehoorsale van die universiteite te kan betree.

Dat hierdie organisasie alles behalwe in orde is, word bewys deur die talle rapporte van kommissies, deur provinsie- en unie-outoriteite benoem, wat almal daarin ooreenstem, dat ons middelbare onderwys nie 'n behoorlike inleiding gee tot die maatskaplike lewe wat wag nie. Natuurlik is hiermee nie bedoel geskoolde vakopleiding nie, maar ten minste opleiding

vir beroepskeuse, sodat op vyftien tot sestienjarige leeftyd, die jonge of meisie volgens eie aanleg, en volgens aard van die spesiale vak of beroep, 'n keuse sou kan maak.

Sodra sodanige keuse geval het, moet 'n verder onderskeiding plaasvind, sodat die voorbereidende onderwys vir universitêre studie, in 'n omgewing van 'n meer teoretiese en akademiese aard sal plaasvind as die vakke wat aanstuur op praktiese vaardigheid. Hiervoor is verskil in skoolterrein en -inrigting nodig.

Dit skyn egter asof ons, gebind deur regulasies van 'n uniale, en ander van 'n provinsiale aard, tot 'n soort van gewapende vrede gekom het tussen unie en provinsie. Om hierdie situasie goed te begryp, is dit nodig om te let op sekere jaarrapporte afkomstig van ons Unie-onderwysdepartement.

Aan die end van 1934 skryf die sekretaris van Unie-onderwys, Prof. M. C. Botha, in sy jaarverslag, na aanleiding van die verskillende kommissies en konferensies oor onderwys, die volgende: „Wanneer 'n mens op al hierdie bedrywighede op onderwysgebied let, is die gevolgtrekking onvermydelik dat daar 'n groot behoefte aan 'n onderwyshervorming in Suid-Afrika moet bestaan. . . . . Waarheid is dat

ons onderwysstelsel in die laaste jare van alle kante in onbewimpelde taal veroordeel is. Daar was 'n tyd toe ons onderwysstelsel alleen voorsiening gemaak het vir die beroepsopleiding van die intellektuele aristokrasie. Die matrikulasie was die alfa en omega van al ons onderwys, en die matrikulasie is die natuurlike poort wat lei tot die hoër beroepe. In dié sin mag dit dan ook tereg as beroepsopleiding bestempel word. Die seun en dogter wat nie daardie spesifieke intellektuele bekwaamheid, wat die suksesvolle studie van Latyn en Matesis vereis, besit het nie, moes maar toesien en sonder spesifieke beroepsopleiding die lewe in, soms na, maar dikwels ook voor die sesde standerd. Met noodlottige gevolge. . . . . In die verlede het ons die onderwys as sodanig te seer as *doel* in plaas van as *middel* beskou. 'n Verkeerde, en lang reeds uitgediende, opvatting van 'n sogenaamde algemene en kulturele opvoeding, was oorsaak dat ons ons blind gestaar het op die mens as „gentleman" en het ons belet om tot 'n sintese van die mens en die arbeider in ons onderwys te kom.

. . . . Dit vereis geen wonder van logiese redenering of pedagogiese wysheid nie, om te kan insien dat beroepsonderwys onder die

Unie-onderwysdepartement nooit waarlik doeltreffend kan wees nie sonder wesentlike kontak met die primêre skool, vanwaar leerlinge vir ons beroepskole gerekruteer moet word. Middelbare of sekondêre onderwys behoort as 'n eenheid beskou te word en ten nouste by laer of primêre onderwys aan te sluit. . . . . Hierdie allernoodsaaklikste aansluiting is in die verlede . . . . verwaarloos—hoofsaaklik as gevolg van die dualisme in onderwysbeheer. Die organisasie van ons middelbare onderwys is dan ook gebaseer, nie op algemeen geldende opvoedkundige beginsels nie, maar op die finansiële verhouding tussen die Unie-regering en die provinsies." [10])

Tot sover die verslag, wat ek enigsins uitvoerig gesiteer het, omdat hier 'n onderwysman aan die woord is met 'n goeie deursig en 'n baie goeie wil, maar dank sy die bestaande wette en regulasies, die waterdigtheid van staatsdepartemente, die gebrek aan onderlinge vertroue en die aanwesigheid van kleinlike jaloesie, kan die allernoodsaaklikste nie gebeur

---

[10]) *Verslag van die Unie-onderwysdepartement vir die jare* 1933-1934. *bls.* 5, 6. 7.

nie, nl. 'n ingrypende en kragtige reorganisasie van ons middelbaar onderwys.

Dit is inderdaad 'n aanklag nie net teen een of ander departement nie, maar teen die staat self. Want die vraag mag hier wel gestel word of ons nie op die punt gekom het, waar die gemeenskap en sy belange die middel is en die staat die doel, terwyl dit tog net andersom behoort te wees?

In die verslag van dieselfde departement vir die jaar 1935 word weer die nadruk gelê op die noodsaaklikheid van koördinasie van die onderwys, maar tewens gewys op die moeilikhede in verband daarmee omdat ons hier te doen het met twee soorte van beheerliggame nl. unie en provinsiale administrasie.

„Ek maak my egter nie aan oordrywing skuldig nie, as ek verklaar dat al hierdie ondersoeke net maar 'n bevredigende ooreenkoms ten opsigte van finansiële verhoudings beoog het . . . . Die resultaat is gewees dat die administrasie van die onderwys van die rypende jeug, meer ingewikkeld en, uit die oogpunt van skool-organisasie, baie minder doeltreffend geword het as dit kan gewees het. *Die Unie het*

*geen nasionale onderwysbeleid nie en kan dit onder die huidige stelsel ook nooit hê nie."* [11])

In 'n klein brosjure wat deur die Transvaalse Landbou-Unie in April 1923, gedruk en versprei is verskyn daar die volgende: „Wanneer 'n mens dit alles kalm sit te oordink dan is dit moeilik om vry te bly van alle sweem van bitterheid. Dan voel jy lus om aan jou verontwaardiging lug te gee en verwyte te slinger na die hoof van die here pedagoge en onderwysoutoriteite, wat op so 'n skandelike manier die volksopvoeding waarmee hulle belas was, verwaarloos het. .... Waar is die leidende en opbouende, inspirerende ideaal wat hulle aan die volk moes voorgehou het? *Ook die onderwys het geword die speelbal van politieke bybedoelings, van persoonlike, selfsugtige eiebelang.* Ek maak hierdie aanklag voor die regterstoel van die volksgewete en vra in alle erns, of daar een enkele maatreël van die laaste twintig jaar kan aangetoon word, wat 'n ingrypende verandering in ons volksonderwys teweeg gebring het." [12])

---

[11]) *Verslag van die Unie-onderwysdepartement vir die kalenderjaar* 1935. *bl.* 6.

[12]) *Reorganisasie van Ons Laeronderwys: Dr. T. J. Hugo.*

Orals ontmoet ons gebrek aan eenheid van beginsel op gebied van onderwys, en nog groter gebrek aan koördinasie van die leerkragte en onderwysfasiliteite in die land. Neem nog daarby dat ons 'n klein blanke bevolking het oor 'n groot oppervlak versprei, en dit moet vir elkeen duidelik wees, dat die onderwys van ons kinders vir die land enorme verspilling van geld en energie moet beteken—en die resultaat is diep teleurstellend om die minste daarvan te sê.

Wat die reorganisasie van ons middelbaar en hoër-onderwys betref, is dit baie duidelik, dat ons groter sentralisering aan die een kant, en groter differensiasie van leervakke en kursusse aan die ander kant sal moet kry. Ook oor hierdie punt gee die onderwysverslag van die Unie-onderwysdepartement, onder leiding van die reeds genoemde sekretaris van onderwys, lyne aan waarop dit moet geskied.

Heelwat van die kleiner middelbare skole sal moet saamgetrek word tot 'n groter en doelmatiger inrigting, tegelyk moet in sekere sentra spesialisasie in die een rigting, en in ander sentra in 'n ander rigting plaasvind. Die verslag van 1936 lui: „Teenoor die verdwyning van bepaalde hoër en sekondêre skole

in 'n algemene skema van amalgamasie kan dit, by wyse van 'n alternatiewe reëling, vir 'n aantal van hulle moontlik wees om in 'n bepaalde reeks vakke te spesialiseer. *Kandidate wat ander vakke verlang sou dan hulp moet kry om 'n skool te besoek wat onderrig in die vereiste vakke verstrek."* [18])

Op die manier sal 'n mens kan hê landbou —vak—beroepskole behalwe skole vir voorbereidend hoëronderwys of akademiese skole. Toegang tot al hierdie soorte middelbare skole moet vry en moontlik wees vir alle leerlinge wat die vereiste laerskoolkursus agter die rug het. Onderling moet dit moontlik wees om 'n klas in die een soort skool oor te skakel na 'n klas in 'n ander, sonder al te groot agteruitsetting van die betrokke leerlinge. Dit is moontlik wanneer daar onderlinge koördinering van werksaamhede is.

Hoe nodig sentralisering en daarby differensiëring van middelbare skole is, blyk uit die feit van die volgende syfers: 10 skole in die Unie het maar van 1—4 leerlinge in die matrikulasieklas gehad in 1935; 91 skole het van

---

[18]) *Verslag van die Unie-Onderwysdepartement vir die kalenderjaar* 1936.

10—19 leerlinge gehad, terwyl 27 skole matrikulasieklasse van 50—99 aantoon en slegs 2 skole van 100—149 leerlinge aantoon. „Die betekenis van die geringe omvang van matrikulasieklasse in Suid-Afrika, lê in die feit opgesluit dat, tensy 'n reusagtige personeel gebruik word, dit onmoontlik is om aan leerlinge 'n werklike keuse van vakke aan te bied. Die gewone gevolg is dat wat vereis word vir die leerling wat na die universiteit wil gaan, toepasbaar gemaak word op alle lede van die klas ongeag hulle spesiale belangstelling, aangebore aanleg, of toekomstige loopbaan.

. . . . Die strewe moet dus wees om ons skole op so 'n manier te organiseer dat die keuse in werklikheid vir die leerling vrystaan en nie net vir die skool nie." [14])

Dit is die moeite wêrd om daarop te let dat ons in die Unie van S.A. 136 skole gehad het in 1935, wat in geen een geval 'n groter matrikulasieklas as 19 gehad het nie. [15])

Miskien het die leser al meermale gevra: waarom so lank stilgestaan by laer en middel-

---

[14]) *Verslag van die Unie-onderwysdepartement vir die kalenderjaar* 1936, *bl.* 16.

[15]) *Ibidem, bl.* 16.

bare onderwys, terwyl die hele opset tog was om oor Universiteite te skryf. Geen universitêre onderwys kan op meriete beoordeel word, sonder om ook tegelyk die voorbereidende hoëronderwys noukeurig onder beskouing te neem nie. Die middelbare onderwys moet die materiaal lewer waarmee die universiteit werk. Is die toelatingsvereistes nie breed genoeg opgeset nie, of is die standaard wat gestel word te laag, dan sal dit onvermydelik die werk van die universiteitsdosent sodanig belemmer, dat hy moeilik iets meer kan doen as 'n bietjie gespesaliseerde middelbaar-vakonderwys. 'n Soort werk waartoe in nege uit die tien gevalle ons professore en lektore van vandag gedwing word.

In die tweede plek het ek dit my plig geag, om te wys op die onhoudbare toestand van ooradministrasie, en ondoeltreffendheid van die resultate, by ons middelbare onderwys en tegelyk, dat hierdie toestand vir 'n groot deel te danke is aan die feit dat ons hier worstel met vreemde vorme, afkomstig van 'n ander volk ander omstandighede, terwyl ons vreemd staan teenoor ons eie probleme en nog vreemder teenoor die werklike aanleg en begaafdheid van die Afrikaanse kind as hy uit sy volk, vir sy volk

en deur sy volk opgelei moes geword het. Saul se harnas en wapentuig is uitstekend, alleen pas dit nie vir David nie, hy moet maar liewer by sy slinger en klippe bly.

Die praktyk van die lewe het oor en oor bewys dat die middelbare onderwys nie noodsaaklik op die universiteit moet ingestel wees nie. Inteendeel, geen 10 uit elke honderd leerlinge van die middelbare skool kom ooit op die universiteit tereg nie, waarom moet hierdie onderwys die hele lewe omvat en nie net die oog gerig hou op een klein onderdeeltjie daarvan nie. Ons pleit dus vir opleiding in alle moontlike vakke, om daardeur aan die leerling 'n kans te gee om volgens eie ken en kan te ontwikkel en so sy plek te vul in die gekompliseerde samelewing van vandag. Maar hiernaas wil ons ook vir die intellektueel begaafde jeug van die volk die volste geleentheid gee, om 'n voorbereiding vir 'n universitêre loopbaan te kan geniet, wat reg sal laat weervaar aan hulle spesiale bekwaamheid.

Hierdie voorbereiding is daar vandag nie. Nie twee persent van ons hoërskole is doeltreffend toegerus met staf, laboratorium en biblioteek om aan hierdie eise te voldoen nie. Die keuse van die leerling word gedwing, volgens inrigting

en uitrusting van die skool in sy nabyheid, en nie volgens die minimum eise vir sy later studie nie. Daarom behoort daar eerstens onderskeiding, en in sommige gevalle selfs skeiding, te kom tussen die soort skool wat voorberei vir tal van vakke en beroepe wat nie vir die universiteit bedoel is nie, en ander wat wel daarvoor voorsiening maak.

Ons hele onderwys vra na verandering en nu-oriëntering van leerstof, en 'n rasionele reorganisasie veral van die middelbare en hoëronderwys.

## V.

## DIE SPESIALE TAAK VAN DIE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT.

Het die universiteit 'n volksroeping wat nog iets anders is as die intellektuele leiding wat van hom behoort uit te gaan?

Wanneer daar gelet word op die dinkwerksaamheid van die mens sonder inagneming van die objek waarop die denke gerig is, dan wil ons direk erken dat ons hier te doen het met 'n algemeen-menslike faktor. Alle mense dink per slot van rekening volgens dieselfde dinkwette. Anders uitgedruk, kan ons ook sê: die menslike dinkstruktuur mag wel van een individu tot die ander graadverskille toon maar in soort is dit dieselfde. Dit is die grondslag waarop die een mens die ander kan begryp.

In sover as wat ons te doen het met die dinkontwikkeling kan daar dus moeilik sprake wees van 'n nasionale element, of 'n nasionale standpunt teenoor 'n internasionale. Maar kom 'n mens nou tot die objek van die denke, die voorwerp van ons belangstelling, of die stand-

punt van waaruit dinge en mense, ja selfs die lewe betrag word, dan kan daar groot verskille wees tussen volk en volk, selfs tussen een groep en 'n ander. Aan hierdie sy van die saak, skyn my, word daar nie genoeg aandag gewy nie, wanneer so gladweg beweer word dat alle wetenskap en kuns internasionaal is en dus aan alle mense gelykelik behoort.

Kultuur is geestelike ewolusie, geestelike verwerking van 'n volk se ervaring. Nou mag die kultuurprodukte van een volk tot 'n ander volk oorgaan, maar dit maak daardie ander volk dan nog nie tot 'n kultuurvolk van dieselfde soort nie.

Om dit kras uit te druk: die naturel mag die Europese kleredrag oorneem en in alle opsigte hom soos 'n Europeaan gedra, maar dan is hy nog nie 'n Europeaan nie en kan hy dit ook nooit word nie. Die Bantoe moet sy ervaringe verwerk volgens Bantoe-mentaliteit, gesien van uit sy Bantoe-standpunt, volgens sy tradisie en wêreldbeskouing.

Al sou ons dus geneig wees om te sê dat die mens se geestelike struktuur dieselfde of naasteby dieselfde is, by alle volke, dan nog moet in die oog gehou word dat die een sy uitgangspunt totaal verskillend is van die ander.

Ons meen dus met reg te kan konstateer *dat alle wetenskap en kuns nasionaal in oorsprong is, al is die resultate daarvan ook nog so internasionaal en algemeen menslik.*

Natuurlik moet 'n mens onderskeid maak tussen wetenskap beoefen, en die maak van 'n ontdekking op wetenskaplik terrein. Die eerste is die taak van 99% van die geskoolde geeste wat hulle op wetenskaplik gebied beweeg, terwyl die laaste weggelê is vir die klein keurbende wat ons met die naam van genieë bestempel.

Ten opsigte van hierdie laasgenoemde groep, leer die geskiedenis ons dat ook die genie 'n produk is van sy tyd, al gaan die resultate van sy dink en werk ook uit bo sy tyd, en reik dit tot ver in die toekoms.

Kopernikus verteenwoordig die wetenskaplike gewete van die Renaissance, Luther die religieuse gewete. Maar altwee is kinders van hulle tyd in die volste sin van die woord. Vir die vryheid van dink en die vryheid van die woord staan daar die heldefigure in die geskiedenis van die wetenskap; vir die vryheid van geloof en die reg op persoonlike oortuiging, het ons die wolk van getuienis om ons heen van dié manne en vroue, wat alles verduur het tot selfs die

dood toe, opdat die waarheid vry gemaak sou word.

Hoofsaak is nou maar om in te sien dat hierdie heroïese figure een en almal hulle inspirasie uit eie omgewing moes put, dat hulle ontroer word deur die nood van die tyd waarin hulle leef, dat die lyde van hulle volk hulle persoonlike lyde word en dat die drang na wete en kennis, net soos die drang na hervorming van misstande in die samelewing, in hulle persoon sy hoogtepunt vind.

So word die wetenskap gebore, so kom ook die kuns in aansyn.

Met die kuns is dit nog meer die geval en kan dit makliker raakgesien word as by die wetenskap.

Alle blywende kuns het sy ontstaan te danke aan ontroering, of die gebore is uit vreugde of uit smart is van minder belang. Hoofsaak is dat die kunstenaar geroer sal word tot in sy diepste wese deur iemand of iets. Nou lê dit voor die hand dat daar niks is wat so diep ingryp in die kunstenaar se lewe, as die liefde en leed van sy eie volk, die vreugde en smart van diegene wat hom na aan die hart lê; niks wat hom so diep ontroer as die skoonheid van sy eie vaderland nie.

Daarom het alle kuns 'n nasionale bodem. Maar omdat alle waaragtige groot kuns bo die indiwidu en volk uitstyg tot in die sfeer van algemeen menslike waardes, is sy produkte van 'n internasionale betekenis en spreek dit tot alle volkere en alle tye.

As hierdie standpunt korrek is en gestaaf word deur die geskiedenis van die wetenskap en kuns, dan spreek dit vanself dat die universiteit, wat tog is die vormer en leier van geskoolde geeste, dieselfde karakter moet dra. In ander woorde, ook die universiteit moet midde in sy omgewing staan, hy moet wortel in volksbodem en die lig van die waarheid laat val in eerste instansie op volksprobleme. Dit is nie net 'n eis wat voortspruit uit die natuurlike verhouding tussen universiteit en volk nie, dit is ook 'n sedelike eis.

Die universiteit het die roeping om in die intellektuele en algemene geestelike behoeftes van eie gemeenskap eers te voorsien, voordat dit sy aandag en energie kan wy aan vraagstukke wat ander omgewings en ander volke raak.

Maar ons wil selfs beweer dat dit die enige weg is om iets by te dra tot die verligting van die mensdom. As ons met ons leer en lewe die mense met wie ons daagliks verkeer nie raak

nie, hoe sal ons dit dan regkry om ander volke in ander omstandighede van diens te kan wees? Eers moet die weg oor die nasionale vlaktes afgelê word, voordat ons die berge van internasionale vérgesigte kan bestyg. Eers moet ons leer om eie sielelewe te begryp en te waardeer, voordat ons kan optree as leermeesters van ander volke en ander rasse.

Ten opsigte van die leerstof wat die universiteit aanbied aan die student wat sy terrein betree, moet die aloue stelreël geld: begin by die bekende en gaan dan tot die onbekende. In verband hiermee, is daar 'n groot ballas van vreemde en ondoelmatige dinge, wat met die vreemde oorsprong van ons universiteite aan ons oorgedra is. Hierdie dinge moet verwyder word, omdat hulle in die plek staan van wat 'n eie stelsel en eie geestesproduk behoort te wees. Ek dink hier aan 'n doelmatiger groepering van vakke en 'n radikale wysiging van die eksamenstelsel; aan die groot aantal voorlesings wat per dosent geëis word en die gebrek aan metodiese arbeid aan die kant van die student; aan die meganiese reproduseer van die aangebode leerstof en die betreklik weinig gebruik en daarby onmetodiese gebruik, wat van

die biblioteek gemaak word deur die studerende jeug.

Uniformiteit van leerstof en metode het gelei tot 'n soort massaproduk, wat goeie en minder goeie eksamens afgelê het, maar wat deur hierdie uniformiteit, baie, indien nie alles, van hulle persoonlikheid en spesifieke aard van hulle talent daarby ingeskiet het.

Geen wonder dus as die jeug al meer en meer hulle energie uitleef in beweginge en aktiwiteite wat met die universiteit as inrigting niks te doen het nie. Die sentrale gedagte, die volksideaal, wat as 't ware met groot letters dwarsoor ons universiteite behoort geskryf te staan, ontbreek totaal. Sodat ook hier, net soos in ons skole, 'n kloof ontstaan het tussen lewe en leer, tussen die ken en kan van die jong geleerde wat sy plek inneem in die samelewing. 'n Kleurlose intellektuele vorming, met verwaarlosing van die gevoelslewe en waardemaatstaf, lei tot onvrugbare harsinggimnastiek maar seker nie tot wysheid nie.

Die Afrikaanse Universiteit kan nie, en durf nie volstaan met 'n bietjie hervorming hier en 'n bietjie lap en timmer daar nie—dit moet totaal omgevorm word. Ook hier geen ewolusie

van die oneigene nie, maar wel rewolusie en nuwe vorming van die eigene.

Toe Europa reeds lankal die roes van die Renaissance uitgeleef het, en elke Europese volk die bruisende kragstroom daarvan binne sy eie nasionale perke bepaal het, is ons universitêre onderrig vir die eerste maal hier ingestel, geskoeid op die lees van die Engelse kolleges met al die franjes en uiterlike vertoon daarvan, maar sonder iets van die, toe reeds eeue-oue tradisies, wat die laasgenoemdes in hulle ontwikkeling binne 'n bepaalde gemeenskap reeds gevorm het.

Dit pas in die kraam van die liberalisme in die algemeen, en van 'n regerende volk in die besonder, om sy instellings uit te brei sonder die minste wysiging onder die verowerde volke. Hierdeur kry hy 'n verlengstuk van sy eie „home culture" waardeur daar 'n minimum van aanpassing gevra word van sy eie mense, wat as amptenare en immigrante na so 'n land verhuis. Tegelykertyd gee hy daardeur ook die vorm aan waarvolgens die verowerde volk sal ontwikkel, sodat dit in uiterlike aangeleenthede nie al te veel verskil van sy oweraar nie. Hierdeur is nog nie met die tip van die vinger geroer aan die volk se sielelewe nie, en nog nie 'n en-

kele probleem van nasionale betekenis aangeraak nie. Want die afgestudeerde was geen Europese geleerde, maar het ook geen Afrikaanse inhoud gehad nie. Hy het letterlik gehang tussen hemel en aarde. Die enigste weg wat vir so iemand oopgestaan het, was om 'n keuse te maak van een of ander van die sogenaamde geleerde beroepe, sodat hy weer op sy beurt die vreemde inhoud van sy Afrikaanse gees aan ander Afrikaners kan gaan meedeel. Van die praktiese lewe was hy totaal vervreem, en die teoretiese insigte wat hom meegedeel is, het kant nog wal geraak van sy eie vaderlandse omgewing nie.

Hierdie proses van vervreemding en verwording het aangegaan vir meer as 'n halwe eeu. Toe is vir die eerste keer die stem van eie Afrikaanse leerkragte van agter die kateder gehoor, en al was dit dan nog maar net die stem en nog geen eie geestesinhoud van Afrikaanse oorsprong nie, die begin was daar. Langsamerhand het ons ook op gebied van ons universiteitswese tot volle ontwaking gekom, en moet en mag die volk nie rus nie, voordat sy hoëronderwys in vorm en wese die stempel van eie land en volk dra nie.

Die verwording van die Afrikaanse siel is vir 90 % te danke aan die lamme en verfoeilike politiek van vergeef en vergeet, wat hier tydig en ontydig deur Afrikaanssprekende aan hulle eie volksgenote verkondig is. Geen wonder dan dat die grootste stryd vir intellektuele onafhanklikheid moes gestry word teen eie mense. Ook vandag is die stryd nog nie gewen nie, want behalwe die „hanskakie", kry ons ook nog die Afrikaner wat beweer dat hy vir honderd persent met ons saamgaan, maar as dit kom op handhawing van eie taal, stigting van eie banke, handelshuise, fabrieke, eie muntstelsel, beheer van eie skeepvaartlyne, dan word sy geloof in sy volk klein, en praat hy van die noodsaaklikheid van saamwerk met juis die elemente wat hy voorgegee het te bestry op ander gebied. 'n Volk se geluk en selfverwesenliking bestaan nie in stoflike welvaart nie, maar in die nastrewing van sy roeping en uiteindelike bestemming. *Hierdie roeping en bestemming kan hyself nie na willekeur verander nie, dit is reeds vir hom bepaal deur die histories-gewordene in sy volksverlede.*

Ons gaan nou oor tot die beskouing oor die positiewe eise wat ons meen met reg gestel

kan word aan elke universiteit, wat die naam Afrikaanse Universiteit wêrd wil wees.

Om mekaar nie mis te verstaan nie, is dit nodig dat ons goed sal besef dat daar maar een nasionale kultuur in Suid-Afrika is, en tereg word dié genoem Afrikaanse kultuur. Ons het verskillende Europese rasse in Suid-Afrika elkeen met sy eie taal of wat daarvan nog oorgebly het, elkeen ook as draer van 'n seker kultuurinhoud wat afkomstig is van die deel van Europa waar hy of sy ouers vandaan afkomstig is. Hier is 'n sterk Hollandse element, 'n groot persentasie Franse bloed en 'n betreklik sterk Duitse inslag in ons volksvorming aanwesig. As elkeen van hierdie rasgroepe afsonderlik 'n klein kolonie gevorm het, hulle taal behou het, hier gebly het vir korter of langer tyd en dan weer na hulle oorspronklike tuiste terug gekeer het, sou hulle ongetwyfeld spore van Europese beskawing nagelaat het, wat 'n goeie of slegte invloed op die Bantoe- en ander Afrikaanse rasse sou gehad het en hulle kultuur na die mate ook beïnvloed het, *maar dan was daar geen sprake van 'n Afrikaans-Europese kultuur soos ons dit vandag ken nie.* Dit het nie gebeur nie, ons het gekry die enigste volk wat

hulleself Afrikaners noem, wat nie meer Hollands of Frans of Duits praat nie, maar wat al hierdie elemente omgewerk en verwerk het tot die Afrikaanse taal. Ook het hierdie volk nie sy aandag, belangstelling en liefde bly behou vir die land van herkoms nie, maar Suid-Afrika as die enigste vaderland erken en al sy sentimente op hierdie bodem begin ontwikkel. Elkeen van die genoemde elemente mag nou nog kenmerke van die land en volk van sy herkoms openbaar, maar dan is hy daarom nie meer Hollander, Duitser of Fransman nie, hy bring hierdie eienaardighede as boustene vir die Afrikaanse volkskarakter en die Afrikaanse kultuur in die algemeen. *Alle ander groepe wat hulle hiermee nie verenig het nie, mag nog altyd geld as beskaafde en selfs hoogs beskaafde lede van 'n samelewing duisende myle verwyder van Suid-Afrika, maar dan is hulle vreemdelinge in 'n vreemde land,* dan kan hulle die verteenwoordigers wees van daardie land en volk, maar hulle kan nie die vormers en hervormers wees van 'n Afrikaanse kultuur nie. Daarvoor is nodig dat hulle eers Afrikaners sal wees.

'n Land kan meer as een taal erken vir

sy volk, maar hy kan nie meer as één kultuur erken as volkskultuur nie.

'n Tweede feit wat onder oë gesien moet word, is dat die Engelsman se kultuur glad nie so hemelsbreed verskil van dié van die Afrikaner nie. Al twee is in murg en been Europees, altwee voortgekom uit die Kristendom, altwee kan terugwys op skitterende prestasies van sy Europese voorsate. Alleen, die Afrikaner kan ook nog wys op groot Afrikaanse prestasies oor die hele gebied van die Afrikaanse kultuurlewe. Wat hy hier gevorm en gebou het gedurende sy byna driehonderdjarig bestaan, is iets anders as wat Europa te sien gee. Dit is gegroei uit die bodem van die land wat hy tot sy vaderland gemaak het, dit dra die onuitwisbare spore van sy karakter en temperament, dit getuig van sy Godsvertroue en sy geloof in 'n eie toekoms. Wanneer die Engelsman, Duitser, Hollander of Italiaan nie as vreemdeling en gas wil behandel word in Suid-Afrika nie, maar sy aandeel wil bydra aan die opbou van 'n gesonde Afrikaanse nasieskap, sal hy moet vergeet wat agter is en sy volle gewig moet inwerp in hierdie bruisende volkstroom, wat reeds sy bedding diep ingegraaf het in die Suid-Afrikaanse bodem.

Hierdie stroom kan tydelik gestuit word deur 'n damwal van dwangmaatreëls daarteen op te werp, maar dit sal net van tydelike aard wees totdat die dam deurbreek, en die waters van die volksgevoel met nuwe en vergrote krag voortstroom na sy eindbestemming.

Elke universiteit wat 'n volkstaak in Suid-Afrika wil verrig moet hom op hierdie grondslag stel, anders is dit 'n onding wat ergens in die lug hang—'n soort van kosmopolitiese saamraapsel van groepe sonder 'n vaderland, sonder idealisme en sonder 'n nasionale doelstelling. So 'n universiteit kan dan nog 'n kwantum parate kennis in die vorm van veelwetery aan 'n groep enkelinge meedeel, maar hy sal geen vormende invloed op die volkslewe hê nie. Hierdie soort universiteit is dan nie baie meer as 'n parasiet, wat teer op die volkskas, terwyl dit nie in staat is om waaragtige nasiediens te lewer nie.

Hiermee meen ons die begrip Afrikaanse Universiteit nader te bepaal het, en kan ons voortgaan om sy taak en funksie binne die Afrikaanse samelewing te bespreek.

Die taak van die universiteit is in die eerste plek om voorligting en intellektuele leiding te gee oor die hele gebied van die lewe.

Ons bedoel hierdie woorde baie letterlik. Daar behoort niks van groot belang te wees wat ons land en die lewe van ons volk raak, wat nie op die universiteit in een of ander vorm sy plek sal vind nie. Die Afrikaanse Universiteit moet die fakkeldraer wees om lig te bring ook in die onbekendste en donkerste skuilhoeke van die volkslewe. Met nugtere saaklikheid moet hy al die leemtes en tekorte van ons kennis en insigte, aangaande ons volksbestaan en sy moontlike voortbestaan, onder die oë sien. Nugter en saaklik-wetenskaplik moet die ondersoek hiervan wees, maar nie onsimpatiek nie.

Wanneer die menslike gees met vooroordele belaai is, wanneer daar voorliefdes en voorkeur is vir die een ding bo die ander, is dit moeilik om te praat van 'n wetenskaplike geesteshouding; maar net so moeilik is dit wanneer koue onverskilligheid, miskien selfs afkeer en haat die grondtoon vorm van die ondersoekende gees. Dit is veral aan hierdie laaste houding te danke, dat ons weinig vertroue meer het in die werk en resultate van die baie ondersoekskommissies, wat deur die staat aangestel word. Dit is onteenseglik waar dat baie van ons dringendste volksvraagstukke

op dié manier ondersoek word, sonder dat die lede van so 'n kommissie by magte was om die nodige begrypende gees in hulle werk te bring. Die Afrikaanse Universiteit moet met 'n ope gemoed, maar tegelyk met 'n begrypende gees, midde in sy volk staan, en niks wat hierdie volk raak moet vreemd wees aan hom nie.

Maar tegelykertyd lê ons nadruk daarop dat die taak van die universiteit is om *voorligting* te gee, nie om self prakties in die probleem in te gryp, en die op te los nie. 'n Noukeurige navorsing kan die lig laat val op tal van faktore wat meegewerk het om die ekonomiese ontreddering van ons volk te bewerkstellig, maar dit is dan ook sover as wat hy kan gaan. Die universiteit kan nie sy tyd en kragte gaan wy aan reddingswerk op een terrein en hervorming op ander nie, dan is hy geen universiteit meer nie. Aan die ander kant moet daar niks te gering geag word wat ons land en volk raak, wat nie as voorwerp van ondersoek kan geld nie.

Daarby moet daar leiding uitgaan van die universiteit. Dit help nie dat ons vertel wat in Europa of Amerika op hierdie of daardie gebied gedoen word, as ons nie die metode aan die hand kan gee hoe die vraagstuk hier aan-

gepak moet word en watter middele in Suid-Afrika met goed gevolg aangewend kan word nie. Ten opsigte van doel en middele is daar twee faktore wat onontbeerlik is vir die Afrikaanse Universiteit, wil hy in sy selfopgelegde taak slaag.

Die eerste faktor is dat die universiteit volledig toegerus en ingerig moet wees, om aan die hoë eise te beantwoord wat daaraan gestel word. Juis hierin lê die ironie van die omstandighede, dat geen *Afrikaanse* universiteit tot dusver al die nodige fakulteite binne sy mure getel het nie. Juis dié inrigtings wat die naaste aan die land en sy kinders gestaan het, moes nog altyd 'n ingenieursfakulteit en 'n mediese fakulteit ontbeer. Dit is nie die plek hier om op al die sye van die saak in te gaan, ten einde vas te stel waar die fout lê en op wie sy skouers die skuld gelaai moet word nie, ons wil alleen die feit konstateer.

Hierdie twee fakulteite raak die samelewing so direk en het so 'n groot invloed op sy voortbestaan, dat dit moeilik is om te verstaan dat die volk hom nog altyd laat sus en soethou deur ministeriële redes en drogredes. Dit kan tog nie weg geredeneer word nie, dat die Afrikaanssprekende burgers van die land nie alleen die

oudste volksplanting is nie, maar juis deurdat hulle op die voorposte van die beskawing verkeer en dus vér van alle mediese hulp verwyder is, die eerste en grootste aanspraak het op 'n goed-toegeruste mediese opleiding, waardeur hulle kinders in staat gestel sal word om 'n beter gesondheidstoestand te kan skep vir diegene wat tog al soveel moet ontbeer in die lewe. Om aan hierdie mense te sê dat hulle eie hand in die sak moet steek en vir hulleself moet sorg, wetende dat aan die deur van die stadsbewoner reeds twee mediese fakulteite bestaan, altwee met die voertaal van die vreemdeling en in baie gevalle uitlander, is nie baie minder as politieke huigelary nie.

Nie minder belangrik is die ingenieursfakulteit nie, omdat dit die toegang verskaf tot die nywerheid van 'n land. Kennis van die mediese wetenskap lei tot beheersing van die fisiese bestaan en voortbestaan van 'n volk, kennis van die ingenieurswese lei tot beheersing van sy nywerheid en tegniek. Wanneer hierdie sleutelposisies in hande is van mense wat hulleself seuns van 'n ander land noem, wanneer binne hierdie fakulteite 'n bedekte vyandskap heers teen die Boer en die boerseun, dan word dit hoog tyd dat die Afrikaanse

universiteite met meer krag optree om hulle regte op te eis, en die landseun te gee wat hy solank al gewillig was om aan die vreemdeling toe te staan. Die Afrikaanse Universiteit van die toekoms is geroepe om die inisiatief te neem op die hele veld van Afrikaanse navorsing.

Ons het 'n groot agterstand om in te haal, 'n berg van onverskilligheid, laksheid en luiheid om te oorwen, en bo-al die taak om die volk weer geloof in homself te laat kry. Te lank het ons aan die leiband van ander gegaan en soos papegaaie nagepraat wat die vreemdeling ons voorgesê het. Ons wil onsself wees ook op wetenskaplike en tegniese terrein. Suid-Afrika vir die Afrikaner, nie net omdat dit sy geboortereg is nie, maar ook, en dit in die eerste plek, omdat hy gewillig is om sy beste kragte te wy in diens van sy land en volk. Laat die Afrikaanse Universiteit deurtrek wees van hierdie gees en laat dit as 'n inspirasie werk op ons jeug!

Die tweede faktor wat ek wil noem is die opleiding tot leierskap. Die universiteit is geroepe om vir ons manne en vroue te lewer wat as leiers van die Afrikaanse volk kan optree. Temeer is dit nodig omdat ons omring is deur natuurvolke, waardeur dit moeilik word om ons

eie prestasies in die regte perspektief te sien, omdat gedagtewrywing met ander, desnoods meer ontwikkelde volke so goed as uitgesluit is. Dit is die rede waarom die Brit in sy isolasie as eilandryk, so geredelik daartoe kan kom, om van sy eie produk te praat as „the best in the World”. Vir hom was die Britse wêreld die hele wêreld. Hierdie papegaaiekreet het die Britse nywerheid meer kwaad gedoen as enigiets anders.

Opvoeding tot leierskap beteken nog heel wat anders as om deur middel van eksamens vas te stel wie die skranderste studente van 'n klas is. 'n Leier moet nie net kennis maar wysheid besit, nie net 'n goeie geheue maar grondige insig en deursig, gesteun deur gesonde oordeel hê. Die lyde van ons volk is byna verdubbel omdat hy gebrek aan hierdie leiers gehad het, manne wat deur hulle gesond verstand en groot volksgevoel net een pad sou aantoon: die pad van Suid-Afrika.

Maar behalwe wysheid by die leiers moet daar ook wees die wil tot die daad. *Opvoeding tot daadkrag* is miskien nog die moeilikste taak wat die Afrikaanse Universiteit op sy skouers neem. 'n Volk het 'n taak om te vervul, anders is hy sy plek op die aarde nie wêrd nie. Hier-

die „Aufgabe" is nie net staatsorg of die plig van een of ander organisasie nie, dit eis die heelhartige onderneming van alle lede van die samelewing. Die eerste gebod wat ons dus sou wil stel is: Afrikanervolk ken julleself. Ken julleself in al julle tekortkominge en swakhede, maar ook in julle krag en begaafdheid. Laat daar 'n kalme en ewewigtige waardeskatting van die Afrikaanse karakter gemaak word, laat ons sy deugde en ondeugde goed onder die oë sien—maar laat ons dan ook nie vir ons daarby gaan neerlê asof dit 'n afgelope saak is waaraan niks te doen is nie. Inteendeel, met hierdie kennis gewapen, begin die groot volkstaak eers van vorming en hervorming. Die gegewene is die beginpunt vanwaar 'n aanvang gemaak kan word, maar dit is nie die mikpunt nie, *die lê opgesluit in die volvoering van die selfopgelegde taak.*

Die Afrikaanse Universiteit moet 'n premie stel op daadkrag. Dit spreek vanself dat sulke dade eers dan enige betekenis kan hê, wanneer dit binne die raamwerk val van die realisasie van die edelste en hoogste eienskappe van die volkskarakter, en onder strenge leiding staan van die gedissiplineerde wil. Die idee van 'n universiteit as 'n terrein waar die jeug

losbandig kan wees, hulle indiwidualistiese neiginge kan botvier, en vir 'n tydjie altans buite alle orde, reël of volkstradisie sou staan, is 'n uitgediende. Die universiteit staan midde in die volkslewe en het 'n geweldige taak op sy skouers wat hy geroepe is om te vervul, of anders faal hy jammerlik en is die naam universiteit nie wêrd nie.

Die wil tot die daad moet sy rigsnoer vind in die sedelike norme. Hierdie sedelike norme is nie mens-gemaakte voorskrifte nie, maar is superindiwiduele waardes met algemeenmenslike geldigheid. Dit is die onverbiddelike „jy behoort", wat in die diepste wese van die mens sy stem laat klink, wat hom behoort te lei tot sy eindbestemming. Die wil ten goede wat die mens verhef bo die bloot menslike en hom bring in die sfeer van die goddelike, is die doelstelling van die Afrikaanse Universiteit. Wie sal hiertoe in staat wees? Laat ons hier herinner aan die woorde van die groot Kant: „Jy kan omdat jy behoort". Eers dan wanneer die indiwidu sy magteloosheid besef, is die deur vir hom geopen wat toegang verleen tot die wêreld van geestelike waardes, eers dan besef hy: wat vir die indiwidu onmoontlik is word vir 'n volk moontlik, wat in 'n kort lewenstydperk nie vol-

bring kan word nie, kan tog tot volvoering kom in die oneindige tyd; wat deur menslike magte en kragte nie bereikbaar is nie, is nog binne die moontlikheid van hoëre, goddelike magte.

Ons lewe in die tyd van die daad. Nie meer die maatstaf: wat ken die mens, word toegepas, maar wat kan hy. Kragtens hierdie norm word die ideologieë van die volkere gevorm en sal dit in die nabye toekoms al meer gevorm word. Teorieë word getoets aan die praktyk en uit die praktyk opgebou, anders word hulle oorboord gegooi, of met groot wantroue beskou. Die eeu van beweging het meegebring dat die mens se dinkresultate ook al meer uit hierdie standpunt beskou word. Die eis word gestel dat 'n insig tot iets moet lei, dat die mens se dinkaktiwiteit praktiese resultate moet afwerp vir die samelewing. Van hierdie neiging kan geen moderne volk hom onttrek nie. Dit is ook nie nodig nie, want te lank reeds is die menslike wil verwaarloos en is die intellek die troetelkind gewees van skool en universiteit. Vandag word die verwaarloosde wil op die voorgrond gestel en eis hierdie sy van die mens se geesteslewe sy regmatige plek in die samelewing. Daarom is dit van soveel betekenis dat hierdie

wil van 'n volk in die regte bane gelei sal word. Dit kan alleen gebeur wanneer die mikpunte en uiteindelike doelstelling helder gestel word, en getoets is aan die hoogste sedelike maatstaf. Die formulering van 'n volksideologie, van lewensideale en van die middele om hierdie ideale te verwesenlik, is die werk van de volksuniversiteit op die verskillende terreine van sy werksaamheid.

Maar die menigte word aangevoer deur simbole en slagspreuke, nie deur definisies nie. Die toekomstige leiers moet in staat gestel word om verhewe mikpunte en ideale suiwer te stel en logies te definiëer, terwyl hulle tog die mag van persoonlikheid en die oortuigende invloed van die gesproke woord moet besit. Die massa moet geroer en opgewek word tot groot dade, maar dit kan alleen, as die leier self ontroer is, en uit die diepte van sy ontroering die inspirerende gedagte midde onder die volk kan bring.

Selfdissipline is die mees fundamentele eis wat elke volksleier vir homself moet stel. Die harde skool van selfdissipline moet hy deurmaak op skool en universiteit en bewys lewer dat hy aan homself die eerste en hoogste pligte

stel, en nie aan iemand anders sal opdra wat hy nie self gewillig is om te doen nie.

Die hoogste eis wat aan die geskoolde wil gestel kan word is egter die van *diens.*

Dit lê in die aard van die onbedorwe jeug om te dien, te bewonder en op te offer. Die samelewing wat van hierdie natuurlike neiging van die jeug geen gebruik maak nie, bewys aan homself, sowel as aan die opkomende geslag, 'n ondiens. Die Afrikaanse Universiteit moet as sy devies hê: „In diens van volk en vaderland." Fisies en psigies moet die allerbeste wat die indiwidu kan lewer tot beskikking wees van die gemeenskap waarvan hy 'n onderdeel is.

Die jeug leef met die oog op die toekoms gerig, sy leidster is die hoop, sy bron van energie is die vooruitsig om iets vir sy volk te kan beteken. Dit lê op die weg van die Afrikaanse Universiteit om hierdie jeugdige energie te organiseer en in die regte bane te lei tot heil van volk en vaderland. Reeds op vroeë leeftyd moet die student leer dat sy kennis, sy geskoolde en sterk gevormde wil en sy gedissiplineerde gevoel, onmisbaar is vir die fisiese en geestelike ontwikkeling van sy volk. Die idee van te studeer vir 'n beroep met 'n salaris van soveel per jaar, moet met wortel en tak

uitgeroei word. Ons studente moet word ontwikkelde mense, wat besef dat 'n groot en verantwoordelike taak vir hulle wag, nl. om 'n volk te lei op die weg van selfrealisasie. Hierdie selfverwesenliking kan alleen dan geskied, wanneer elke baksteen sy bestemde gaatjie vul in die groot volksgebou.

Daar is maar een krag wat die volkswese tot een hegte en onwrikbare geheel kan vorm, en dit is 'n onverwoesbare *liefde vir eie ras en eie bodem.* Hierdie liefde voer tot ongekende prestasies en tot hoogtes waarvan nog nie gedroom is nie. Hoe sal ons hierdie doel bereik? Myns insiens is daar twee voorwaardes waaraan voldoen moet word. Ten eerste moet die Afrikaanse student besef dat wyding en toewyding aan 'n volkstaak, nie deur vrome wense en dagdromery bewerkstellig word nie, maar dat dissipline deur getroue pligsvervulling, 'n onmisbare voorwaarde is vir later taakvolbrenging. Nie die eksamen, maar die vereiste kennis moet mikpunt en doel wees, nie die inspirasie, maar die trotse besef dat die moeilikheid oorwen is deur stoere en eerlike arbeid. Alleen so word die mens „dienaar van die Allerhoogste maar teenoor die hele wêreld vry."

Ten tweede is nodig dat die samelewing hierdie jong en geskoolde kragte uit sy eie midde, sal gebruik op waardige en nuttige wyse. Wat help dit om 'n hoë idealisme aan die jeug voor te hou as van sy kragte nie gebruik gemaak word nie? Kan iets meer degenererends bedag word, as dat 'n samelewing 'n werksoekende jeug werkloos laat ronddwaal? Die grootste aanklag teen die huidige vorm van die sogenaamde demokrasie, is die werkloosheidsprobleem. Solank daar nog werkloosheid heers binne 'n samelewing, is daar iets radikaals verkeerd met sy organisasie.

Ten slotte het die Afrikaanse Universiteit tot taak om aan die studerende jeug 'n wêreldbeskouing en lewensopvatting te verskaf wat pas by die volk, en wat tegelyk as stuwende en vormende krag sal werk vir die bereiking van die groot mensheidsideaal, waarin die hoogste skone, ware en goeie tot 'n eenheid samevloei. Die wêreld-beskouing wat ons nastreef is die sluitstuk, wat bevrediging moet gee aan die soekende gees wat vra na 'n grond van alle verskynsele, na die oorsaak der oorsake, maar ook na die blywende maatstaf vir goed en kwaad, en die rigsnoer in die bepaling van reg en onreg. Dit is dus in die eerste plek 'n intel-

lektuele bevrediging wat gesoek word, 'n struktuur wat die toets van die gesond verstand, en die kritiek van logiese redenering, sal kan deurstaan. Die verskillende wetenskappe gee vir ons elk op sy beurt maar net 'n benaderingswyse van die werklikheid, terwyl die vraag na die aard en samestelling van hierdie werklikheid self, nog altyd oorbly as laaste en meesomvattende van alle vraagstukke. Temeer is die vraag na 'n wêreldbeskouing in ons tyd dringend geword, omdat die veelvuldige spesialisasie al meer gelei het tot versplintering van die werklikheidsbeeld en tot waterdigte afdelings van vakke en leerkursusse sonder onderlinge verband, en dit ten koste van die eenheid van die werklikheid waarna gesoek word. Geen denker kan deurdink of hy moet homself rekenskap gee van die vraag: wat is in die diepste sin van die woord die onverganklikblywende?

Tog mag met 'n seker mate van reg beweer word dat dit 'n suiwer akademiese vraagstuk is, wat tuishoort by die weinige wat hulle tyd en energie wil wye aan sodanige teoretiese besinning. In ander woorde die wysbegeerte mag 'n aantreklike studie wees, maar dan is dit bedoel alleen vir diegene wat daarvoor aanleg

het, en bevat dit heel weinig praktiese waarde vir die vraagstukke van die dag en nog minder lewer dit die kragbron vir die volle en goeie lewe. Hierdie bewering is maar tot 'n baie betreklike mate waar. Want die wêreldbeeld wat iemand daarop nahou, is 'n bepalende faktor van groot betekenis vir sy lewenshouding en die vasstelling van waardes. Dit maak tog 'n groot onderskeid of iemand van oortuiging is, dat alle bestaan terug gevoer kan word tot stof en beweging, dan of hy as diepste grond van alle verskynsele gees en geestelike waardes erken. Nou is dit ewe waar dat die soort van wêreldbeskouing wat 'n bepaalde indiwidu aanhang, vir 'n groot mate afhang van die soort temperament wat hy het. Die optimis en pessimis, die daadkragtige wilstipe en die introverte besinnende temperament, sal allig tot twee teenoorgestelde wêreldteorieë geraak. Ons kan dus nie 'n klaargemaakte wêreldbeeld aan die studerende jeug opdring nie. Dit is ook allermins die bedoeling. Wat egter van groot belang is, *is dat elkeen op die Universiteit dié geskooldheid van denke sal verwerf,* dat hy in staat sal wees om alle moontlike teorieë krities te kan toets, om die onlogiese van die logiese te kan skei en die essensiële van die bykomstige

te kan losmaak, sodat hy as selfstandig dinkende wese nie aan alle nuwe, soms onbekookte, stelsels en hipoteses oorgelewer sal wees nie.

Maar naas die wêreldinterpretasie staan daar die lewensopvatting, wat ons bring midde in die vraagstuk van waardes. Hier het ons nie net te doen met 'n teoretiese bevrediging van suiwer intellektuele aard nie, maar in die eerste plek met die eise wat voortspruit uit ons sedelike bewussyn, ons regsinstink en estetiese waardeskatting. „Die lewensopvatting wat 'n mens huldig beïnvloed sy doen en late, sy handel en wandel. . . . . Lewenshouding word bepaal deur die beginsel, die maatstawwe, die waardeskaal, die rigsnoere, die normatiewe, die lewensopvatting; lewensvervulling word bepaal deur die karakter, die gesindheid, die wil, die dryfkragte of die dinamiese in die mens. Lewensopvatting is die stuurapparaat van die lewe, en 'n mens se geaardheid, sy sentimente, neiginge, instinkte en dergelike meer, is die kragbron." [16])

Die Afrikaanse universiteit sal moet toesien dat die Afrikaanse jeug in aanraking kom met

---

[16]) *Dr. C. H. Rautenbach: „Ons lewensopvatting" bl.* 4, 5.

'n lewensopvatting wat na die teoretiese kant suiwer geformuleer is en die hoogste waardes in die lewe verteenwoordig, en na die praktiese kant as 'n kragtige inspirasie kan werk, om die edelste eienskappe tot volle wasdom te bring. Ons wil nie net geleerdes vorm nie, ons wil opgevoede mense die wêreld instuur as die draers van die beste wat hulle alma mater kan aanbied. Hoe sal sodanige lewensopvatting daar moet uitsien om aan hierdie doel te beantwoord?

Ons antwoord kan baie kort en bondig wees ten opsigte van hierdie saak: *Die Afrikaanse lewensopvatting vloei voort uit die Kristelike geloofsoortuiging van die Afrikaner; dit berus op sy wordingsgeskiedenis aan die Suidpunt van Afrika; en dit wortel in sy tradisies as 'n Europese volk met 'n Kristelike beskawing van byna twee duisend jaar.* Die Afrikaanse Universiteit is geroepe om ten opsigte van genoemde punte 'n helder klank te laat hoor. Wat betref die eerste, is dit duidelik dat die Afrikaner glo aan 'n Lotsbeskikker van volke waaronder sy eie volk die plek inneem, en moet inneem, wat vir hom aangewys word deur 'n Alwyse Voorsienigheid. Dit is geen fatalisme nie, dit is alleen 'n erkenning van die mens

dat hy met alle goeie voornemens, en die inspanning van sy beste kragte nie sy lotsbestemming in eie hand het nie, maar dat hoër magte regeer. Maar tegelykertyd wil ons hierdeur nie die volk, nog die indiwidu, onthef van die dure plig van volle verantwoordelikheid te dra vir sy besluite en handelinge nie.

In die verlede was ons volk te berustend en te weinig aktief om te doen wat sy hand vind om te doen. Te gou was ons geneig om te meen dat goddelike magte toegelaat het dat dinge sal en moes gebeur, terwyl ons deur eie inspanning dit kon verhoed het, of in elk geval die ramp minder vernietigend en skadelik gemaak het. 'n Volk se godsdiens moet nie net bloot passief wees nie, inteendeel dit is juis die dinamiese in die geloofsleer wat inspirerend werk op die jeug. Skuldbesef en boetedoen het seker sy plek in die godsdienstige lewe van 'n volk, maar dan is die oog na agter gekeer, en as die mens daarby bly stilstaan kan die uiteinde van Lot se vrou miskien ook syne wees. As daar een ding is waarvan die Afrikaanse volk nie beskuldig kan word nie, is dit agressiwiteit en aktiewe haat. En tog vir jaar en dag is toegelaat dat in sy eie land hierdie ongegronde verwyte na sy hoof geslinger is en

nog altyd word. Die verlammende invloed van te vergeet wat mense met voorbedagte rade aan jou gedoen het, en dit dan nog as die wil van die hoogste Geregtigheid te gaan beskou, is baie min verwyder van oneerbiedigheid en heiligskennis. Praktiese Kristelikheid moet rekening hou met feite, dinge by hulle name noem en die skuld plaas waar dit tuishoort. 'n Volk moet nie net altyd gereed wees om gestraf te word nie. Naas sy vermoë om te ly, moet hy ook in staat wees om die daad te laat volg op sy oortuiging. In hierdie opsig is daar nog baie te doen vir 'n Afrikaanse Universiteit en dit te meer daar waar die opleiding van die toekomstige predikante van sy kerke plaasvind. Die Kristelike leer is nie passief en defaïtisties van aard nie, dit wil juis deur aktiewe ingryping die misstande verwyder en brute krag vervang deur reg. Dit wil huigelary aan die kaak stel en egtheid, waarheid en karakterfierheid laat triomfeer.

Wat die tweede genoemde punt betref, nl. die grondslae van ons geskiedenis, is dit duidelik dat die Afrikaanse Universiteit hierdie verwaarloosde terrein met nuwe ywer en vorsingsdrang moet aanpak. Hier immers lê die oorsprong van ons nasie, hier moet die redes

opgespoor word vir die toestande en gebeurtenisse van vandag, maar hier moet ook inspirasie geput word en nuwe lewensenergie vir die groot volkstaak wat wag. Naas die Bybel is daar geen ander boek wat die Afrikaner se lewensopvatting, sy doel en lotsbestemming so duidelik aan die lig bring as sy geskiedenis nie. Laat hom dit leer nie net met sy verstand nie, maar aanvoel met sy hart, want hier is die bron vir ware volksliefde en volkstrou, hier ook die bron vir vaderlandsliefde en die besef van verantwoordelikheid teenoor die erfenis van die Vadere. 'n Lewensopvatting wat nie die volk se verlede ten volle erken nie is 'n ydele klank van vrome frases, wat deur sy onwaarheid hol en leeg is, en deur sy gebrek aan 'n vaste fondament die volk op 'n dwaalweg laat beland sodra 'n keuse gemaak moet word.

Wanneer ons praat van die geskiedenis en tradisies van die Afrikaanse volk, dan is dit vanselfsprekend dat daarmee nie alleen bedoel word kennis van ons geskiedenis en bekendheid met sy instellinge nie, maar dat die Afrikaanse Universiteit deur middel van die dosente en studente hierdie geskiedenis en tradisies in ere sal hou. Dit is nie voldoende dat ons 'n groot aantal studente kan aantoon wat ywerige

vorsers is op die gebied van die vaderlandse geskiedenis nie, die hele inrigting moet in- en uitwendig die lewende getuie wees van eerbied vir die grootse voorgeslagte en hulle dade moet as model dien vir die jeug van teenwoordig. Dit gaan hier om die gees wat daar versprei word, en nie soseer die leer wat verkondig word nie. Die ideale Afrikaanse Universiteit moet die bymekaarkomplek wees van leermeesters en dissipels uit die Boerevolk. Die Universiteit wat dit besef is reeds 'n heel end op weg van selfrealisasie: die geskoolde jeug as die grootste bate van die Afrikanervolk in diens van die vaderland te plaas.

Die derde fondamentsteen van die Afrikaanse lewensopvatting, wat ons genoem het, is die besef en volle erkenning dat ons 'n volk is van Europeane, wat draers is van 'n Kristelike kultuur van byna twee duisend jaar oud. Hierdie laaste faktor bepaal ons verhouding tot die naturellerasse om ons heen. Die Europeaan kan nie en mag nie deur rasmenging sy eie volksidentiteit oplos in dié van die Bantoe nie. Dit lyk so 'n vanselfsprekendheid dat dit nie nodig is om neergeskryf te word nie,—en tog, as ons let op die staatsbeleid, of gebrek aan beleid van vandag, dan eis dit geen groot verstand of hel-

der deursig nie, om te kan insien dat binne twee of drie geslagte van nou af geen skeidingsgrens tussen blanke en Bantoe meer getrek sal kan word nie. Neem ons dan nog die tussenskakels van kleurling en Asiaat ook in aanmerking, dan is dit duidelik dat ons hier een van die dringendste vraagstukke van die toekomstige Afrikaanse staat het en tegelyk een van die dreigendste gevare vir die voortbestaan van 'n blanke Suid-Afrika.

Die Afrikaanse Universiteit is geroepe om ook in hierdie saak die probleem helder te stel en die uitweg aan te toon.

Tweërlei wanbegrippe moet uit die weg geruim word as ons hierdie vraagstuk onbevooroordeeld wil benader. Die eerste is die onhistoriese en foutiewe opvatting dat die Boerevolk deur wapengeweld die Bantoe van sy grond sou beroof het en dat op ons dus die plig van herstel van hierdie geskonde reg rus. Hierdie en soortgelyke bewerings word gemaak deur mense wat ons geskiedenis nie ken nie, of wat uit kwaadwilligheid die Bantoe in opstand wil bring teenoor die Boer. Dit is die taak van 'n Afrikaanse Universiteit om hierdie standpunt eens vir altyd te weerlê, met bewyse uit die geskiedenis van die Boerevolk, en dit met na-

me die geskiedenis van die Voortrekkers. In die wêreld is daar nie baie gevalle van Europese besetting van 'n land, waar so kristelik en billik opgetree is teenoor 'n natuurvolk as juis in Suid-Afrika nie. Ons is dit verskuldig aan die voorgeslag, wat in sy optree en in al sy staatsmaatreëls duidelik die grondbeginsel van reg teenoor brute geweld gehandhaaf het, om met dokumentêre bewyse aan te toon dat ons hier nie die weg van Amerika en nog minder dié van Australië gevolg het nie. Inteendeel, altyd is met klem betoog dat die naturel se reg van bestaan ten volle erken word en dat hy nòg deur staat, nòg deur indiwidu van hierdie reg mag beroof word nie. Reeds in die manifes van Piet Retief, is die grondslag van billikheid neergelê vir die verhouding van die Voortrekkers en die naturellestamme met wie hulle in aanraking gekom het. Hierdie geskiedenis van Blank en Swart moet die grondslag vorm vir 'n toekomstige naturellebeleid van die Afrikaanse Staat. Die Afrikaanse Universiteit moet dit as sy dure plig aanvaar om alle gegewens op te spoor en te koördineer, sodat dit kan lei tot 'n formulering van 'n naturellebeleid, wat dit sal moontlik maak dat Europeaan en Bantoe langs mekaar 'n bestaan sal kan vind in hierdie

suidhoek van die Afrikaanse vasteland; maar dit sal 'n beleid moet wees wat nie net vir vandag en more sal geldig wees nie, maar wat volgens grondbeginsels van natuurlikheid en menslikheid die groot lyne aangee vir die toekoms. As die grondbeginsels eers neergelê is, mag die staat nie langer weifel en twyfel, nie langer hink op twee gedagtes nie, en nie langer aan die leiband gaan van 'n imperialistiese politiek nie. Hierdie politiek het in die naturel nog nooit iets anders gesien as 'n potensiële ekonomiese faktor, wat voordelig kan wees vir die handel nie. Dit het aanleiding gegee tot 'n beleid van opportunisme wat dreig om die naturel van sy siel te beroof, hom te vervreem van eie ras en van hom te maak 'n halfbakke Europeaan, wat nergens 'n tuiste meer kan vind nie. Aan die ander kant het hierdieselfde politiek gelei tot heftige verset van die kinders van Suid-Afrika, wat voel dat hulle samelewing bedreig word en dat die ideaal van 'n blanke staat in Suid-Afrika hierdeur oorboord gegooi word. Aan hierdie toestand moet 'n einde kom, anders kan ons dit nog beleef dat Swart en Wit teenoor mekaar te staan sal kom met bittere wraakgevoelens in die hart, wat maar een stap verwyder is van rassehaat

en rasseuitdelging. As dit ooit mag kom tot bloedvergieting tussen die Europeaan en naturel in Suid-Afrika, dan sal die skuld hiervoor teruggebring moet word op die hoof van die regeerders en maghebbers van vandag, wat geen vinger lig om die grootste van al ons maatskaplike vraagstukke nader aan 'n bevredigende oplossing te bring nie.

Die tweede wanbegrip wat verwyder moet word is reeds tevore deur ons genoem en kan hier net kortliks aangestip word terwille van duidelikheid en volledigheid. Ons bedoel die begrip kultuur of beskawing. By 'n vorige geleentheid is daarop gewys dat dit as verregaande arrogansie moet beskou word aan die kant van die Westerling, as hy sy kultuur as die enigste wenslike of verkieslike wil bestempel. Ook die naturel het sy kultuur, al is die nog op 'n ontwikkelingspeil wat veel nader aan die natuur staan as die van die Europeaan. Wanneer daar dus gepraat word van die opheffing van die naturel, dan moet en mag die aanvang nie gemaak word, deur hom te vervreem van sy Bantoe-agtergrond en Bantoetradisies nie, maar wel om juis hier die boustene te vind vir 'n gesonde en kragtige Bantoe-kultuur. Op hierdie grondslag moet hy

ook in aanraking kom met die Kristendom en daaruit verwerk wat sy gees kan assimileer, anders bly sowel kultuur as kristelike godsdiens vir hom vreemde dinge, wat hy wel uiterlik kan naboots, maar wat nooit die inwendige mens in hom raak nie.

In hierdie opvatting verskil die Afrikaner hemelsbreed van die Engelssprekende bewoner van ons land. Die Afrikaanse Universiteit moet op die hele gebied van die lewe die Afrikaanse standpunt ondersoek en dit sodanig formuleer, dat daar geen twee menings oor kan wees nie. Daarom is dit dringend nodig dat die Afrikaanse Universiteit van die toekoms, ook die hele lewe sal omvat binne sy arbeidsveld, hy mag nie langer gekortwiek word en daardeur verhinder om sy volkstaak uit te voer nie. Alle fakulteite en alle onderafdelinge van elke fakulteit moet beset word, want hierdie taak van 'n lewensbeskouing te formuleer en te doseer, kan nie in hande gelaat word van vreemde kragte nie, en mag nie langer as die voorreg geld van mense wat òf nie kan, òf nie wil, bestempel word met die naam Afrikaner nie. Hier is geen sprake van 'n voorreg wat ons vra nie, maar 'n reg wat opgeëis word deur diegene wat

ook gewillig is om die volle verantwoordelikheid vir land en volk te dra.

Dit spreek vanself dat in die lewensopvatting van die Afrikaner die eis gestel word vir die volle beheer van, en aanwending vir nasionale doeleindes, van die natuurlike rykdomme van Suid-Afrika. Ook op hierdie gebied is daar baie wanbegrippe wat uit die weg geruim moet word voordat die volk sal kan koers vat. Ons eis 'n realistiese politiek, wat sonder aansien des persoons en sonder die erkenning van sogenaamde gevestigde regte, 'n rigting sal volg wat die kapitaal-kragte van die land vir die land sal aanwend, en dit nie laat vervreem deur die willekeur van die indiwidu wat buite die gemeenskap staan nie. Dit is dus 'n gewetensaak, dat die gemeenskap en nie die indiwidu, sal beskik oor die produksie en distribusie van edele en onedele metale van 'n land. Reeds dra ons 'n groot skuld teenoor die toekoms, omdat toegelaat is dat Suid-Afrika die terrein geword het waarop elke willekeurige fortuinsoeker homself kon verryk ten koste van die land en sy regmatige besitters.

'n Volk bestaan nie uit groepe en seksies, uit stukkies en brokkies nie. 'n Volk wat die naam wêrd is het 'n nasionale bewussyn en vorm een

organiese geheel. Die Afrikanervolk is sodanige nasionale eenheid, bodemvas, rasgebonde en tradisioneel gevestig; hierdie volk maak aanspraak daarop dat hy in besit wil kom van alles wat hy nie alleen geërf het van die vadere nie, maar wat hy ook verwerf het deur fisiese en geestelike inspanning.

*Dit is sy reg om te eis en dít sy plig om te aanvaar.*

Eers wanneer hierdie natuurlike en noodsaaklike voorwaardes vervul is van nasiewording, eers wanneer die volk met bande van bloed en onderlinge trou tot een hegte nasie gevorm is, kan daar sprake wees van internasionale doelstellings, pligte en dienste. Maar solank ons eie huis nog met besems gekeer is moet ons nie probeer om 'n ander se huis in orde te bring nie. Dit is nie alleen 'n onbegonne taak, dit is selfs 'n belaglike onderneming.

Voorlopig sal die Afrikaner gewillig moet wees om kleinsielig en bekrompe genoem te word, deur diegene wat sy land graag wil besit en die rykdomme daarvan tot hulle voordeel aan te wend, maar wat nie gewillig is sy lewensbeskouing te onderskryf of te regverdig nie. Die Afrikaanse lewensleer is in die eerste en laaste instansie nasionaal en hy moet besef

dat elke kosmopolitiese leerstelling daarmee *moet* bots, daarom sal hy ook nie probeer om die liberalistiese groepe tot sy standpunt te bekeer nie, en nog minder om sy oortuigings om te buig sodat dit by hulle kan aanpas nie. Die Afrikaanse Universiteit streef daarna om elke student eers bewus te maak van eie kultuurbesit en die groot verantwoordelikheid wat hy in verband daarmee dra, voordat dit 'n oordeel oor ander volke en hulle ideale wil uitspreek. 'n Volk moet eers sy eie siel vind, eers sy eie geeskrag ken en tot die uiterste inspan in diens van die gemeenskap, voordat hy tot assimilering van die vreemde kan oorgaan. Vir die Afrikaner is daar maar een lewensbeskouing en dit is die, wat uit eie bodem gegroei is en volkome aangepas is aan ons volksaard. Dit moet ons vesting van verdediging wees teenoor die vreemde en oneigene, maar tegelyk moet ook hierin die maatstaf gevind word, van wat ons sal toelaat om in te dring in ons volkslewe en wat as onversoenbaar en onassimileerbaar beskou moet word. 'n Nasie, net soos 'n organisme, bestaan nie uit 'n konglomeraat van eenhede of samegeflanste elemente nie, maar is gegroei uit 'n kern, het 'n sentrale bewussyn en

leef volgens 'n sisteem van waardes deur homself erken.

Tog is dit die taak van die Afrikaanse Universiteit om ook hierby nie te bly staan nie, maar om bo die nasionale uit te styg tot die groot menslike. Hierdie laaste stap kan egter eers dan plaasvind wanneer die nasionale taak volbring is. Die tyd wanneer die mens in die mens sy broer en suster sal sien, lê nog voor, en hierna moet gestreef word, maar dit kan alleen, wanneer die nasies van die wêreld die kans gehad het om elkeen homself eers te realiseer, om te wees wat hy kan wees en te presteer na die mate van sy nasionale vermoë. Vir hierdie groot mensheidsgedagte moet almal saamwerk en elke volk sy klein steentjie bydra. Maar elkeen kan alleen bydra wat sy eie is en daarom moet hy homself eers leer ken en begryp, om sy eie moontlikhede tot werklikhede te kan omsit.

In sy lewensopvatting en wêreldbeskouing wil die Afrikaanse Universiteit uitstyg bo alle kleinlike en indiwidualistiese, opdat hy alles sal omvat wat vir die mens groot, goed, mooi en waar is. Maar hy besef maar al te goed dat hy hierdie hoogte nooit kan bereik nie, as hy nie by die engere kring, die lewenskern van sy be-

staan begin nie, en dit is die Afrikaanse seun en dogter. Die Afrikaanse jeug het die reg om te eis, dat hulle universiteit vir hulle 'n tuiste sal skep waar hulle na liggaam en gees, vrede en vreugde sal beleef en waar hulle hul drome kan droom en gesigte kan sien, waar hulle hul kragte kan ontplooi tot volle wasdom en vryheid.

Dit is op grond van hierdie prinsipe dat die universiteit reg het om ook sy eise te stel aan die jeug. Weg met die laksheid en slapheid van die verlede, weg ook met die ydele grootpraat, bluf en branie! Stel in plek daarvan 'n geesteshouding van groot beskeidenheid, maar onwrikbare vastheid, en 'n wil tot die daad wat soos 'n klipsteen staan. Laat by dit alles die diepe besef daar wees dat die mens alleen dan sy taak kan volvoer wanneer hy handel onder die gesigspunte van die ewigheid. „Drie dingen zijn het vooral, die de mensch tot verzekering van z'n gemoedsrust en tot motiveering van een op hoogere doeleinden gericht handelen nodig heeft.

Ten eerste *het bewustzijn van z'n saamhorigheid met de overige wereld,* 't diepe gevoel, deel van een geheel te zijn, en z'n doeleinden ondergeschikt aan die van dit geheel te moeten

maken. Ten tweede de overtuiging, door z'n doen en laten elk oogenblik bevorderend of remmend in de ontwikkeling van dit geheel in te grijpen, en derhalve *voor de toekomst daarvan mede verantwoordelijk te zijn.* En ten derde 't vertrouwen, *in den arbeid voor 't geheel niet alleen of nagenoeg alleen te staan,* maar hoogere machten boven zich te hebben, wier gelijkgerichte arbeid de mogelijkheid en waarschijnlijkheid waarborgt dat eenmaal de nagestreefde doeleinden verwerklijkt zullen worden." [17])

END.

---

[17]) *Prof. Dr. G. Heymans: Inleiding in de Metaphysica bl.* 450-451.

## BIBLIOGRAFIE.


*R. S. Rait*: Life in the medieval University. Cambridge University Press 1918.

*Sir William Mitchell*: The Universities and Life. (vice-Chancellor of the University of Adelaide).

*Joseph K. Hart*: The Discovery of Intelligence. George Allen & Unwin—London. 1926.)

The Obligation of Universities to the Social Order. (Addresses and Discussions at a Conference of Universities under the auspices of New York University. 1932). N.Y. University press 1933.

*S. S. Laurie*: The Rise and early Constitution of Universities. (D. Appleton & Co., London 1912.)

*Abraham Flexner*: Universities American, English, German. (Oxford Un. Press 1930.)

*J. H. Cardinal Newman*: The Idea of a University. (Longmans Green & Co., London 1923.)

*James Goodwin Hodgson*: Trends in University Education. (H. W. Wilson Comp. New York 1931.)

*Gustav Cohn*: Universitätsfragen und Erinnerungen. (Ferdinand Ente. Stuttgart 1931.)

*E. R. Jaensch*: Zur Neugestaltung des Deutschen Studententums und der Hochschule. J. A. Barth—Leipzig 1937.

*Ernst Krieck*: Nationalpolitische Erziehung. (Armanen-Verlag—Leipzig 1933.)

*Prof. Dr. Ph. Kohnstamm, Dr. H. J. Jordan, e.a.* De Wijsbegeerte in haar verhouding tot ons Hooger Onderwijs. (De Erven Bohn—Haarlem 1933.)

*Prof. Dr. H. Krabbe*: Die Moderne Staatsidee Deutsche Zweite vermehrte Ausgabe. (Nyhoff den Haag 1919.)

*Prof. Dr. G. Heymans*: Inleiding in de Metaphysica. (Wereldbibliotheek, Amsterdam 1933.)

*Verslag van die Unie-onderwysdepartement* vir die jare 1933, 1934, 1935, 1936, 1937 en 1938, van die hand van Prof. Dr. M. C. Botha.

*Wijsbegeerte, Wetenschap, Menschbeschouwing*: Een achttal voordrachten gehouden voor de studenten . . . te Amsterdam. Dr. H. J.

Pos, ens. Noord Holl. Uitgevers My., Amsterdam, 1939.

*Offisiële Jaarboek van die Unie* van Suid-Afrika, 1939.

*Ortega Y. Gasset*: „De Opkomst der Horden" en Die Aufgabe Unserer Zeit.